

# DIE MEESTERSTUK

 Laat ons nou ons hoofde buig vir gebed. Terwyl ons hoofde en harte voor God gebuig is, wonder ek—ek hoeveel hierbinne het 'n versoek wat hulle graag wil hê God moet onthou, deur net julle hande op te steek? Nou, hou julle versoeke nou in jul harte terwyl ons bid.

<sup>2</sup> Here Jesus, U die—die Fontein, onuitputlike Fontein van Lewe, vloei vandag deur ons, Here en reinig ons van alle ongeloof en sonde, dat ons nou in U Teenwoordigheid kan staan in die wete dat daar nood onder ons is, dat ons weet dat ons sondaars is en nie—nie enige seën waardig nie. Maar dan as ons aan Hom dink Wat ons sondes kom neem het! Dan, wanneer Sy Bloed daar is, is dit nie—is dit nie ons in die Teenwoordigheid van God nie, dit is Hy. Dit is net ons stem deur Sy Bloed. Sy Bloed praat. O God, reinig dan ons harte van sonde en ongeloof.

<sup>3</sup> Gee ons die begeertes van ons hart, want ons het waarlik hierdie begeertes om U te dien. Onder hierdie verswakkende omstandighede en beproewinge, en dinge van die wêreld waarmee ons soms belas word, om ons te vervolmaak; so is vir ons gesê. Dan het Hy gesê: “Ag dit nie vreemd dat hierdie beproewinge kom nie.” Hulle werk ons net ten goede en om ons te vervolmaak, en ons in daardie plek in te bring. Hierdie groot woestyne van ondervinding, waar regverdige manne tot heiliges gesmee word, ons—ons dank U vir hierdie ondervindings, Here. Ons bedoel nie, wil nie op enige manier enigiets strydig met U wil doen nie. Maar ons bid, Vader, dat ons hierin nader aan U gebring sal word.

<sup>4</sup> En wanneer die laste so swaar is dat ons nie verder kan gaan nie, dan hef ons ons hande op en skreeu na ons Vader. Hoor dan uit die Hemel, Here.

Genees ons, maak ons gesond, terwille van die Koninkryk van God.

Seën U Woord vanmôre, Here. U Woord is die Waarheid.

<sup>5</sup> En ons het nou hier in die kerk vergader. Ons bid vir Broer Neville, en vir Broer Capps, en Broer Collins, en die res van die predikers, en die—en die trustees, diakens, en al die leke, en die vreemdelinge in ons poorte. Mag dit 'n dag wees wat ons lank sal onthou, vanweë U Teenwoordigheid.

<sup>6</sup> Ons is hier onder groot verwagting vanmôre, Here. Net vir die oomblik raakgesien, byeengeroep. Ons voel dit is met 'n doel. Mag U doel bereik word, Here. Want ons vra dit in Jesus se Naam, terwyl ons ons onderwerp. Amen.

7 Dit is aangenaam om hier te wees en met hierdie kerk vol mense byeen te wees. Ek het verwag dat hier kwalik enigiemand vanmôre sal wees, want ek het kwalik self geweet of ek hier sal wees.

8 Ons het pas van Philadelphia aangekom. En so het ek aangekom, en gedink ek sou heel gou na Arizona moes gaan, om 'n begrafnisdiens te hou vir 'n vriend van my, Kaptein Jim Moseley, 'n baie kosbare, godvresende seun wat ek nie so lank gelede nie na Christus gelei het, die drie Moseley broers. En een van hulle het geval, en was die ander dag in die vliegtuig, en is onmiddellik dood. Het tien uur in die vuur gelê voor hulle by hom gekom het. So Lee is agt—en—twintig jaar oud, sy vrou ses—en—twintig en—en laat drie kinders agter, die oudste, sewe. Baie tragies. En hulle. . . Toe hulle hom ingekry het, toe moes hulle hom die volgende dag begrawe. Dus het ek net—ek het nie so ver gekom om te gaan nie. En ek het net uitgeskryf, of per telegram gestuur, wat ek wou sê, of wat ek by Broer Moseley se begrafnis sou gesê het. Party van hierdie dinge kan ons nie verstaan nie, maar tog laat Hy alles net reg werk.

9 Ons is hier in diens van die Here, vanmôre, in die wete dat—dat—dat ons God glo, dat ons glo dat Hy alles net presies reg sal maak. Ongeag wat dit is, en hoe dit uitwerk, weet ons dit moet “ten goede meewerk.” Hy het dit belowe. Dit moet net so wees. Soms kan ons dit nie verstaan nie, raak by tye baie ingewikkeld, maar tog weet ons dat dit die Waarheid is, want die Bybel sê dat dit die Waarheid is. En die Bybel is, vir ons, God in lettervorm.

10 Nou, ons moet ons vertrouwe iewers plaas. En as—as ek of enigeen van ons, in die lewe 'n sukses probeer maak het en, baie maal, 'n multimiljoenêr geword het, maar wat gaan ons daarmee maak? Ons moet onder by die end van die pad aankom, en wat—watter nut het dit dan vir ons? Sien? En geld is 'n—'n bewys, dis 'n wissel, maar jy kan dit nie vir Lewe verwissel nie. Net God het Lewe.

11 Dus ons—ons besef ons is hier in 'n negatiewe vorm. En so lank as daar 'n negatief is, moet daar 'n positief wees. Daar kan nie 'n negatief sonder 'n positief wees nie, sien, want dis vanweë die positief dat die negatief ontstaan. Soos wanneer jy 'n negatiewe beeld van een of ander voorwerp het. Daar moet 'n voorwerp iewers wees, of om te tref, die lig tref daardie lens, of daar sou geen—geen negatief wees nie. So as ons sien dat ons lewe hier in die negatief is, en weet dat ons na die beeld is van een of ander lewe iewers, dan weet ons dat daar iewers 'n positief is wat die lig getref het, en dit het iets hier op aarde gereflekteer. En ons is net daardie refleksie. Die egte voorwerp is êrens. As dit nie is nie, is ek die mees bedriegde mens in die

wêreld; het ek my lewe vergeefs geleef. Maar ek weet, sonder 'n sweem van twyfel, dat dit daar is. Sien? Dit is waarom ons hier is. Sien?

<sup>12</sup> As ek julle mense van regoor die land sien kom, op 'n paar oomblikke kennisgewing, en soms in die verwagting, dan laat dit my werklik klein voel wanneer in 'n byeenkoms soos dié inkom; om te dink dat ek weet mense hier het vir honderde myle gereis, net om vir 'n paar oomblikke van die diens hier te wees, net om hier te sit.

<sup>13</sup> Een of ander vrou het net 'n opmerking gemaak, het die ander dag ingekom en gesê: “Wys my waar die man geloop het, en laat my agter hom loop, op die grond,” het gesê: “ek sal gesond word.” Nou, die mense glo jou so, en jy is 'n verteenwoordiger van Christus, wat moet ons dan doen? Ons moet baie versigtig wees, want jy vernietig nie net jouself met die verkeerde nie, jy vernietig ander wat jou volg.

<sup>14</sup> Dus, ek ken geen denominasie of enigiets om julle na te neem nie. Daar is net een ding waarin ek my geloof het. As julle my glo, volg wat ek julle vertel. Want ek glo die Bybel, dis die Woord van God. Ander dinge faal. Ek is net . . . Hy is Lewe. Hy is die Woord.

<sup>15</sup> Nou, ek weet dat julle . . . Wanneer ek hier kom, hou ek julle lank. Ek het tot God gebid toe ek gevoel het ek wil vandag hierheen kom. Ek het soveel onderhoude en oproepe, ensovoorts gehad. Ek moes sommige van hulle vanmôre nakom. En ek het gesê: “Wel, Broer Neville gaan my sonder twyfel vra om te preek.” Dit was Vrydag. En ek het gesê: “Broer Neville sal my waarskynlik vra om te preek. En wanneer ek dit doen, dan bid ek, God . . .” Dis so warm, was so warm. En Hy was so goed om vir ons 'n reën te stuur en die regtig uiterste hitte te breek, en vir ons vanmôre 'n goeie oggend te gee. Ek bid dat Sy goedheid op elkeen van julle almal sal reën, dat julle altyd sal onthou dat julle vanmôre hier was. Mag Sy genade en seënige op julle wees!

<sup>16</sup> Gisteraand besoek ek 'n vriend wat siek is, Broer Bill Dauch. Ek sien hom nie vanmôre hier nie. Hoe ook al, ek kan nie. O, hier is hy. Hy's . . . Ja. En ek het gedink: “'n Ou man van een—en—negentig jaar oud, en wat steeds die—die land deurkruis, deur die woestyne, en oor sneeubedekte berge en die gladde paaie. Hy hoef dit nie te doen nie. God was vir hom goed; hy hoef dit nie te doen nie. Hy kon by die huis sit en bediendes hom laat koel waai, as hy wou.” Maar, iets het met Bill Dauch gebeur, hy is wedergebore. En toe dit gebeur het, het iets in sy hart ingekom sodat al waarvoor hy lewe is om hierdie dienste by te woon. En dan as ek die mondstuk van God moes wees, sou ek 'n vriend mislei? Ek sou liever sterf.

Laat ek hom dan vertel presies wat die Waarheid uit hierdie Bybel is. Dan, dis God se Woord. Ek herhaal net wat Hy gesê het.

Nou wil ek iets uit die Bybel lees.

<sup>17</sup> Voor ek lees, wil ek graag—graag sê dat ek meen vanaand is die nagmaalaand. En julle wat hier plaaslik is. . . Natuurlik, die ander mense sal waarskynlik na hulle huise teruggaan, want hulle moet gaan werk. Julle wat plaaslik hier in die vergadering is, onthou, die broers sal vanaand nagmaal bedien.

<sup>18</sup> Nou, ek wag vir die finale oproep vir Afrika. Hulle wou nie, wou my nie inlaat as 'n sendeling nie. So die enigste manier waarop kan ingaan, onder. . . ek gaan na Kenia, Uganda, en—en Tanganika. En die enigste manier waarop ek kan ingaan. . . Eers, die kerke wou my nie inlaat nie, want hulle wil hê moet iets aan *hierdie* kant en *daardie* kant preek, onder in Afrika. En ek sal nie so ingaan nie. Ek sal nie skynheilig genoeg wees om dit te doen nie. So ek sê liever vir hulle: “Nee, meneer, ek sal net preek net wat God my op die hart lê, en dis al.” Sien? En ek is seker dit sal nie wees wat hulle my probeer kry om te verkondig nie. So, drie—eenheidsdopery, en sulke dinge, en 'n gedoente met hulle. Nee.

<sup>19</sup> Maar ek is pas na 'n groot konvensie genooi, deur Broer Boze. Hy's net op die punt om 'n bietjie daglig te kom sien van wat ons glo. En dus het ek gevra om in te kom asof ek op 'n jagtog gaan. As hulle my inlaat, asof op 'n jagtog. . . As ek iemand kan kry om te sê hulle sal my laat jag, dan as ek daar inkom, die dokter—die dokter is daar by die ambassade, is 'n persoonlike vriend van my, uit Chicago. En sodra ek daar inkom, sê hy: “Wel, hier is Broer Branham nou hier. Laat ons 'n byeenkoms hou.” So, na ek daar is kan die ambassade my nie wegwys nie. As hulle. . . so hulle probeer dit nou bewerkstellig. So ek hoop dat dit. . . As dit God se wil is, sal dit so uitwerk. Sien? Dit—dis net aan Hom oorgegee. Indien nie, dan sal ek julle in kennis stel. Ek sal nie. . .

<sup>20</sup> As dit God se wil is, dan, wil ek oor die Sewe Basuine praat. En dit sal omtrent 'n agtdae—diens wees, en ons sal miskien nie hier by die Tabernakel wees nie. Ons probeer hier 'n ouditorium kry.

<sup>21</sup> Nou ek het nooit gedink, aan hierdie nuwe ouditorium wat pas hier gebou word nie, dis presies waar ek Jesus die eerste keer in 'n visioen gesien het. Nou word dit gebou, ouditorium reg oor dieselfde plek gebou. Ek is die ander dag reguit daarheen, om te kyk. Toe ek gekyk het en Hom na die ooste sien kyk het, julle onthou dat ek daarvan vertel het, toe ek daar was om vir my vader te bid; 'n—'n klein seuntjie, net 'n seuntjie—prediker. Dis waar ek Hom gesien het. Tree, kyk na

Hom; Hy het Sy kop sywaarts van my weggedraai gehad. Ek het aanhou rondloop, my keel skoongemaak, in 'n besembosgrasveld. En ek het aangehou kyk, en Hy het nooit gedraai nie. Toe het ek Sy Naam geroep: "Jesus." En Hy het omgedraai, Sy arms uitgehou, en dit is al wat ek onthou het tot dagbreek. En so het ek uit die veld teruggekom, omstreeks dagbreek.

So miskien sal die Here my daardie Basuine daar laat preek. Waar dit ook is, God se wil geskied.

<sup>22</sup> Blaai nou in julle Bybels, na Jesaja die vyftig—...53ste hoofstuk van Jesaja.

Nou, ons vertrou dat God ons swakke pogings om vanoggend byeen te kom sal seën. Ons het pas van Philadelphia afgekom, waar ek by die Volle Evangelie Besigheidsmanne se konvensie was, en daar bo na hulle verskillende getuïenisse ensovoorts geluister het.

<sup>23</sup> Toe het ek, op die pad terug, het ek . . . Billy Paul en ek, en Rebekka en klein Collins dogter, klein Betty Collins. En Billy is 'n baie goeie slaper, en Becky is beter, en dus ek . . . ek en Betty het gesels. En sy het saam met Becky agter gesit, in die agterste sitplek. En ek het iets op die pad sien gebeur; en, toe ek het, het iets my getref. En Betty, as sy hier is, sy het opgelet ek het opgehou praat en iets begin neerskryf. Dis waar ek hierdie teks vir vanoggend gekry het.

<sup>24</sup> Nou laat ons op ons voete staan. As ons . . . Nou ons staan uit eerbied vir God se Woord terwyl ek Jesaja die 53ste hoofstuk lees.

*Wie het geglo wat aan ons verkondig is? En aan wie is die arm van die HERE geopenbaar? (Let op, dis 'n vraag, om mee te begin.)*

*Hy tog het soos 'n loot voor sy aangesig opgespruit en soos 'n wortel uit droë grond. Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms dat ons hom sou begeer nie.*

*Hy was verag en deur die mens verlaat, 'n man van smart . . . bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie.*

*Nogtans het Hy óns krankheid op Hom geneem, en óns smarte—dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was.*

*Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.*

*Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.*

*Hy is mishandel hoewel . . . onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom . . . voor sy skeerders—ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie.*

*Uit die druk en uit die strafgerig is Hy weggeneem; en onder sy tydgenote—wie het daarvoor gedink dat Hy afgesny is uit die land van die lewendes? Ter wille van die oortredinge van my volk was die plaag op Hom.*

*En hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee; en by 'n ryke was Hy in sy dood, omdat Hy geen onreg gedoen het nie en daar nie bedrog in sy mond gewees het nie.*

*Maar dit het die HERE behaag om Hom te verbrysel; Hy . . . Hom krank gemaak; as sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng, en die welbehae van die HERE sal deur sy hand voorspoedig wees.*

*Deur die moeitevolle lyde van sy siel sal Hy dit sien en versadig word; deur sy kennis sal baie knegte, geregverdig word, en Hy sal hulle skuld dra.*

*Daarom sal Ek Hom 'n deel gee onder die grotes, en met die magtigste sal . . . buit verdeel; omdat Hy sy siel uitgestort het in die dood en saam met die oortreders getel was, terwyl Hy tog die sondes van baie gedra en vir die oortreders gebid het.*

<sup>25</sup> Vader God, U Woord is 'n Lamp, die Lig wat die pad van elke gelowige verlig na die Teenwoordigheid van God, soos Dit ons dra soos 'n lantern in ons hand. U het nie genoeg verskaf sodat ons die einde van die begin af sou sien nie, en, maar ek wandel met geloof. Maar soos 'n man in die nag sou reis deur 'n donker woud, en dis waar ons is; die lig wat hy hou, verskaf net tree vir tree. Maar die pad, hoewel dit opwaarts loop, loop net met die Lig. En mag die Lig vandag op die Woord skyn om ons een tree verder na die Koninkryk van God te lei. Want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

Sit maar.

<sup>26</sup> Die onderwerp waaroor ek voel om vandag met die gemeente te praat, is: *Die Meesterstuk*.

Dit mag nogal vreemd voorkom om 'n—'n Skrifvoorlesing soos hierdie te neem, van—van een van die mees verwonde en moorddadigste voorstellings van die Bybel, dat waar die Bybel

sê, dat: “Hierdie volmaakte Kneg wat verdruk, en verwond, en verskeur was,” en tog daaruit ’n teks te neem van *Meesterstuk*. Baie vreemd. Maar ek’s . . .

<sup>27</sup> My gedagte dink vanmôre, soos ons terug reis, ek het, vir ’n paar jaar. Ek was uitgenooi bo na Forest Lawn, in—in Kalifornië, bokant Los Angeles. My eerste doel om soontoe op te gaan was om die—die graf van—van Aimee Semple Mc Pherson, die stigter van die Foursquare—beweging, te besoek. En ek het na haar—haar grafkelder gegaan. En alhoewel ek—ek verskil het met die vrou, as ’n prediker, maar, tog, in my hart het ek bewondering en ’n respek vir—vir wat sy gestaan het voor, in die—die uur, en die vervolging en dinge wat sy moes deurmaak, en in die tyd dat sy hier op aarde was. En dan vir haar—haar geliefde seun, wat ’n boesemvriend van my is, Rolf Mc Pherson.

<sup>28</sup> En ’n groep predikers, ons is daarheen op. En hulle . . . ons het nie tyd gehad om in te gaan in die—die . . . in die—die plek waar hulle die verassings hou, en die—die liggame in ’n—’n klein kisse aan die kant van die muur plaas nie.

<sup>29</sup> En daarbinne het hulle ’n paar uitstaande dinge, soos die Laaste Avondmaal. En dit word deur die werklike lig van die son verlig. En hulle—hulle het ’n luik wat hulle dit gee . . . As hulle ingaan, is dit lig; en dan soos—soos hulle begin praat, verdonker dit. En na ’n rukkie word dit alles donker, en dan gaan die mense uit. En hulle het almal die Avondmaal.

<sup>30</sup> En die vrou wat die geheim gehad het van hoe om hierdie glas in hierdie plek in te slaan, wel, hierdie prente te maak, wel, dit—dit het deur ’n familie gekom, baie jare gelede. En die kuns is net aan die kinders oorgedra, en die laaste een was ’n vrou. En hulle het hierdie prent reggemaak. En toe hulle gegaan het om die—die glas te vorm, te bak, van Judas Iskariot, het dit gebars. So het hulle dit weer probeer, en dit het weer gebars. En sy het gesê: “Miskien wil ons Here nie Sy vyand se prent aan Sy sy hê nie.” En het gesê: “As dit weer bars, sal ons nie die prent klaarmaak nie.” Maar dit het daardie keer gehou. Maar, natuurlik, dit was ’n treffende ding, en hoedat so ’n ding sou gebeur.

<sup>31</sup> Maar, dan, een van die belangrike dinge wat my geïnteresseer het in Forest Lawn, was Michelangelo s’n, die groot beeldhouwerk, die—die monument van Moses. Dis ’n—’n reproduksie daar, natuurlik. Dit is nie die oorspronklike nie, maar dit was so ’n—’n groot meesterstuk. En soos ek daarna gestaan en kyk het, het ek—ek het daarvan gehou, iets wat lyk asof dit iets (voorstel) daaraan het.

<sup>32</sup> Ek hou van kuns, sommer baie. Ek glo God is in kuns. Ek glo God is in musiek. Ek glo God is in die natuur. God is oral. En enigiets wat strydig met die oorspronklike is, is ’n verdraaiing. God is in dans; nie die soort dans wat julle hier doen nie. Maar

as die seuns en dogters van God in die Gees van God is, sien, dis dans. Maar soos wat ons tot twee—uur vanmôre moes verduur, daar bo in die laan, dis die verdraaiing daarvan.

<sup>33</sup> Maar, hierdie, en die meesterstuk wat Michelangelo gemaak het, dit het hom iets gekos om dit—dit te maak. Hy was 'n groot man, en dit het 'n groot deel van sy lewe geveerg, want hy het baie, baie jare lank uitgekerf. Net 'n rots geneem, en van—van marmer, en dit aangehou kerf. En, sien, net die man, die beeldhouer self, het wat hy probeer doen in sy gedagtes. Hy, hy is die een. Jy kan na hom toe stap en vir hom sê: “Waarom kap jy aan daardie rots?” vir die buitestaander wat nie weet wat in sy hart is nie, is dit onsin. Maar vir die man, die beeldhouer self, hy—hy het 'n—'n visie in sy gedagtes, van wat hy probeer maak, en hy probeer wat hy in sy gedagtes het reproduseer in die vorm van 'n—van 'n monument. Dis die rede dat hy dit uit die klippe uitgrawe.

<sup>34</sup> En om dit, te doen, moet jy reg wegspring aan die begin, en jy moet die patroon volg. Sien? Jy kan nie 'n klein stukkie neem om te begin nie: “Ons sal dit so maak; nee, ek meen. . .” Nee, hy moet 'n presiese patroon hê. En in sy kop het hy daardie patroon. En hy kan nie van daardie patroon afwyk nie. Nou, ten einde dit te doen, moes hy in sy kop teken, want ons het geen egte prente van Moses nie, maar hy moes 'n geestesbeeld in sy kop hê van presies wat Moses was.

<sup>35</sup> Nou, 'n ware beeldhouer is geïnspireerd, soos 'n ware digter, of enige ware sanger, musikant wat dit ook mag wees. Alles wat eg is, moet deur inspirasie kom. Michelangelo moes die inspirasie gehad het van hoe Moses werklik gelyk het. En hy het dit in sy gedagtes vasgelê, hoe Moses moes gewees het. So het hy te werk gegaan op hierdie groot stuk marmer, die sny volgens die patroon, en afwerk, en afslip, totdat hy by die ware prent van wat dit in sy gedagtes moes gewees het, gekom het.

<sup>36</sup> En dan toe hy alles so perfek gehad het, elke hoekie af, en elke plekkie geskuur, en die oë net reg, elke haar, en baard, alles net soos dit was, het hy teruggestaan en daarna gekyk. Ek—ek dink aan—aan baie, baie harde jare se werk, en hoe hy die hele tyd daardie selfde beeld in sy gedagtes moes gehou het, van wat hy gaan doen. En dink net, daardie visie in sy gedagtes vir soveel jare, om dit net presies soos dit was te laat lyk! Hy het die visie eers gekry, en hoe hy volgens daardie visie moes werk, afsny en afwerk! En toe hy dit gebring het tot waar hy dit vervolmaak het, totdat dit werklik perfek was, het hy daarna gestaan en kyk toe hy daardie oggend klaargemaak het, met 'n hamer in sy hand.

En hy was so geïnspireer toe hy daarna gekyk het, want die visie in sy gedagtes het voor hom gestaan, in werklikheid. Wat hy gesien het, en die . . . sy voorstelling van wat Moses was,



daar was dit voor hom uitgebeeld, wat hy al hierdie jare in sy hart gehad het. Van arbeid, en ure van leed en wanhoop, en kritici, en die res, maar tog het hy net by die visioen gehou totdat dit voltooi is.

<sup>37</sup> En dan toe dit voltooi is, het hy teruggestaan met die hamer, of beeldhouershamer, in sy hand en het hy na die monument gekyk. En die inspirasie van die visioen wat hy gesien het, van hoe dit om dit te doen, het hom soveel geïnspireer totdat hy . . . Die inspirasie het hom getref totdat hy buite homself geraak het, en dit oor die knie geslaan het en gesê het: "Praat!"

<sup>38</sup> Nou daar is 'n defek aan daardie groot beeld, aan die knie, aan die regterknie. Net bokant die knie, omtrent ses duim, is 'n plek (ek het my hand daarop gesit) omtrent so diep.

<sup>39</sup> Nadat hy al daardie tyd bestee het, jare en jare lank, om dit te maak; toe onder die—die invloed van dit vervul te sien wat hy in sy hart en in sy visioen gesien het, en begeer het om te sien, dit is voltooi. En toe dit voltooi is, was hy so daardeur geïnspireer dat hy gedink het sy eie meesterstuk moet met hom terugpraat. En hy het dit oor die knie geslaan, en geskree: "Praat!" En dit het 'n defek daarop gelaat. Dit het 'n defek aan die beeld gelaat.

<sup>40</sup> Vir my, was die defek dit wat dit die meesterstuk gemaak het. Nou, miskien vir die—die gedagtes wat anders mag dink, dink julle dit het dit bederf. Nee, vir my, het dit—het dit dit gemáák wat dit is. Dit—dit. . . Want na soveel jare van versigtige werk en arbeid, en inspirasie, ensovoorts, van dit te maak, het sy arbeid geblyk nie vergeefs te gewees het nie. Dit was perfek, en dis waarom hy uitgeroep het: "Praat!" Want, hy het voor hom gesien wat hy (kon) in staat was om te bereik, om die visioen wat in sy gedagtes was, tot stand te bring. En daarom, onder inspirasie het hy iets buite die rede, buite die gewone gedoen. Hy het dit geslaan, en uitgeroep: "Praat!" Sien, hy sou dit nie gedoen het as hy gedink het nie. . . Maar hy het nie gedink nie. Dit was inspirasie van dit wat hy in sy gedagtes gehad het, daar perfek voor hom te sien sit.

<sup>41</sup> Sy arbeid, en moeg word, en lang nagte, en dae lange afsluiting van die wêreld, en miskien 'n toebroodjie eet. En—en daaraan skuur, en terugstaan, en: "Nee, dis net nie hoe dit was nie. Dit moet nou *hierop* neerkom," en dit skuur. Dan toe hy dit sien, net volmaak, toe sien hy dit in werklikheid. Die negatief van dit was in sy kop was, het werklik geword, dit het positief geword, daarom het dit hom aangegryp. En dit was so werklik dat hy moes uitroep: "Praat!"

<sup>42</sup> Vir my, was dit 'n refleksie. Dit was—dit was 'n komplement vir sy werk, dat sy eie werk hom so besiel het, dat hy buite homself sou raak om dit te tref en te sê: "Praat!"

<sup>43</sup> Ek het daar gestaan en na die monument gekyk. Ek het gedink aan die ure wat die man in die maak daarvan moes ingesit het. Hulle het gesê hoeveel jare dit was. Maar dit—dit was 'n refleksie op hom, want dit is 'n bydrae tot sy—tot sy groot kuns, sy groot werk van wat hy gedoen het. En toe hy eindelijk in staat was om dit te verwesenlik, was dit so groot.

<sup>44</sup> Nou laat ons omblaai, die bladsy, van Michelangelo, en die boek toemaak.

En laat ons 'n ander Boek oopmaak en lees van die groot Beeldhouer, die Almagtige. Wat, voor daar 'n wêreld was, en voor die fundamente gelê is, het Hy in Sy gedagtes gehad wat Hy wou hê, en Hy wou die mens na Sy Eie beeld maak. Hy wou iets in—in die werklikheid maak van wat 'n visioen vir Hom was, wat in Sy denke was.

<sup>45</sup> Nou, vir Michelangelo was dit 'n kenmerk van sy denke.

En God wou 'n mens na Sy beeld maak, die groot Beeldhouer, en Hy het te werk gegaan aan hom. En ons let op soos Hy van die materiale voortgebring het. Die eerste was miskien visse, en dan die voëls, en—en dan die kruipende dinge op die aarde, en—en baie dinge wat Hy gebring het. Maar, eindelijk, soos Hy gemyster het, van Skepper te wees, het Hy . . . Hy was nou nie soos 'n mens nie, 'n beeldhouer wat iets moet neem wat geskep is om 'n beeld uit te kap. Hy was die Beeldhouer van Ewige dinge. Hy was die Beeldhouer wat kon skep en tot stand bring dit wat Hy in Sy gedagtes het om te doen. Of, andersins, Hy kan materiaal maak wat Sy kenmerke vereis.

<sup>46</sup> En soos Hy begin werk aan kruipende dinge, soos aan die—die—die klein diertjies op die aarde. En toe begin Hy dit daaruit bring na iets anders, hoër. Toe, eindelijk het Hy dit tot die groter diere gebring, soos die leeu, tier, beer. Toe het Hy dit gebring tot die—die—die lewe van miskien van—van ape en stertlose ape, ensovoorts. Nou, nie 'n evolusie nie, want ons dink dat een kom van 'n e— . . . Dit was 'n volledige skepping; God wat volgens 'n patroon werk.

<sup>47</sup> Maar eindelijk het daar op die aarde voortgekom 'n perfektheid, en dit was 'n mens. En toe kon Hy in daardie mens sien dat dit na Hom gelyk het. So nou toe Hy na hom gekyk het, was hy 'n refleksie van wat sy Skepper wat. God was nou in staat gewees om die ding te verwesenlik wat Hy wou gehad het, 'n mens na Sy eie beeld.

<sup>48</sup> En dan mag ek sê, hieroor, dat toe Hy hierdie mens gemaak het, was daar nog iets aan hom wat nie mooi reg gelyk het nie, want dat hy—hy by homself was. En dis hoe God was, by Homself; Hy was die Ewige. En die mens het nou, na die beeld van God, ook by homself op die aarde bestaan. So Hy het seker

'n houtjie daar op sy linkersy geslaan, en daarvandaan het Hy die stukkie wat afgeslaan is, geneem en vir hom 'n hulpmaat gemaak, 'n vrou, toe was hy nie by homself nie. Hy was—hy was, hy het iemand by hom gehad. En dis Sy groot werk.

<sup>49</sup> En, Hy, soos enige groot beeldhouer sy—sy—sy meesterstuk sou neem . . .

Nou, eers, het Hy 'n meesterstuk van Homself gehad. Maar nou het Hy gesien dat die meesterstuk eensaam was, soos Hy was, dus het Hy die meesterstuk verdeel deur dit in die sy te slaan en 'n hulpmaat voort te bring.

<sup>50</sup> En nou, om die twee een te maak, het Hy hulle, soos enige groot beeldhouer, in 'n plek wat—wat pragtig is, geplaas.

'n—'n Beeldhouer sou nie 'n groot meesterstuk maak en dit dan neem en dit êrens in 'n stegie plaas nie, of agter geboue wegsteek nie. Soos ons Here vir ons gesê het: “'n Man steek nie 'n kers op en verberg dit onder 'n maatemmer nie.” Wanneer ons God se meesterstuk word, word ons nie iewers in 'n stegie weggesteek nie. Ons—ons moet Lig gee.

<sup>51</sup> So ons sien dat—dat Hy, nadat Hy hierdie meesterstuk gemaak het, het Hy dit hier op aarde geplaas, en dit in die pragtigste plek gesit wat daar was, in die tuin van Eden. Hy het Sy meesterstuk, die twee wat een was, in die tuin van Eden geplaas. Hoe dit hom moes tevrede gestel het, dat Hy gesien het hierdie meesterstuk is goed. Hy, daarna vind ons dat Hy gerus het; Hy was so tevrede met Sy werk.

<sup>52</sup> Nou onthou dat, volgens my, is die meesterstuk die hou wat Sint Angelo se Moses—meesterstuk geskend het in die monument.

En dit was die hou wat die sy van hierdie meesterstuk gesny het, wat die bruid laat uitkom het. En nou sien ons hulle as 'n meesterstuk—familie in die tuin van Eden. Hoe pragtig was dit nie! En dit het Hom so tevrede gestel, dat Hy—Hy toe gaan rus het. Hy het gesê: “Ek, ek sal rus.”

<sup>53</sup> Maar terwyl Hy gerus het en op Sy meesterstuk vertrou het, het Sy vyand ingekom en hierdie groot meesterstuk gevind. En hy, deur misleiding, hy—hy kruip onder die—die tuilmure, en toe het hy—hy hierdie pragtige meesterstuk geskend. Hy—hy het dit geskend, sodat dit—dit geval het.

<sup>54</sup> Nou, ek probeer daardie horlosie dophou. En ek het Mike, my kleinneef, gevra om daardie klok na dertig minute te lui, maar ek . . . Hy het dit nie gedoen nie, en ek is reeds dertig minute besig. Maar, dis, ons gaan 'n rukkie aan. Sien? Nou, ek wil nie hierdie reëls ver—verbreek nie. Ek—ek het hierdie reëls gemaak, sien, en ek—ek . . . en hier word jou eie reël gebreek.

<sup>55</sup> Nou, let dan op, hierdie meesterstuk. Toe Satan dit in die hande gekry het, die bedrieër, deur die mure gebreek het,

en—en hy het hierdie meesterstuk geskend. Vanweë die wyse waarop hy dit gedoen het, wat. . . Hoe het hy dit gedoen? Ek sal meer in detail daarop ingaan. Hoe hy dit gedoen het, was. . . Hierdie meesterstuk was ommuur deur die Woord, God se Woord. En die meesterstuk self, van die familie, was versterk deur hierdie Woord. Maar die gebroke deel, wat van die oorspronklike afgebreek is, het buite daardie muur uitgegaan, Satan die kanse gegee om dit te skend. En nou aangesien julle weet wat ek oor daardie dinge glo, hoef ek dit nie te sê nie. Maar die meesterstuk is gebreek.

<sup>56</sup> Maar die groot Beeldhouer, toe Hy die val van Sy familie, die meesterstuk, gesien het, was Hy nie gewillig om dit net daar, gesig na onder, en vergaan, te laat lê nie. Hy het dadelik te werk gegaan, om dit weer op te bou. Hy was nie gewillig dat dit moes vergaan nie, die heel tyd so daar moes lê nie. Want, Hy is God, en Hy sal nie verslaan word nie. Dus het Hy dadelik begin werk en na Sy Eie beeld, weer 'n mens begin bou.

<sup>57</sup> Nou, ons vind dat die wêreld van voor die sondvloed het aangekom en die hele ding vernietig, want die verbonde wat gemaak is, is voorwaardelik gemaak: “As julle *dit* nie sal doen nie, of as julle *dat* sal doen.” God, die groot Beeldhouer, het gesien die mens kon nie—kon nie 'n verbond hou nie. Hy kan dit net nie doen nie. Daar is net hoegenaamd geen manier nie.

In die onderhoud 'n paar oomblikke gelede, het ek met 'n persoon in die kamer gepraat, wat nou teenwoordig is. Het gesê: “Maar Broer Branham, ek het soveel dinge wat ek—ek weet is verkeerd,” en 'n—'n godvresende vroujie.

<sup>58</sup> Ek het gesê: “Maar—maar, kyk suster, jy kyk nie na jouself nie. Dis net wat jou begeerte is, en wat jy probeer doen. En as jy die Here werklik liefhet, probeer jy Hom met jou hele hart dien, en dan word al jou foute verberg in die Bloed van die Here Jesus.” Sien? Sien, Hy het 'n weg gemaak.

<sup>59</sup> So Hy begin nou, neem die mens weg van Sy verbonde, van—van sê dat: “As julle sal, sal Ek.” En Hy begin met die man genaamd Abraham, en gee vir Abraham 'n verbond, onvoorwaardelik. Elke keer as Hy 'n meesterstuk begin, sou Satan dit kry, want die Woord. . . Maar toe Hy met Abraham begin het, het Hy gesê: “Ek het dit reeds gedoen. Dit is nou onvoorwaardelik, nie wat. . . dat—dat: ‘As julle sal, sal Ek,’ nie, maar Ek het dit reeds gedoen.” Nou is Hy, die—die Beeldhouer, vasbeslote om hierdie meesterstuk te hê.

<sup>60</sup> Dan, uit Abraham, kom die aartsvaders. En die aartsvaders regtig. . . Nou wat doen God? Hy herbou hierdie meesterstuk wat geval het. So, in die aartsvaders, die eerste wat ons vind is Abraham.

<sup>61</sup> Nou kyk, elke meesterstuk word op 'n fondament geplaas, 'n beeldhouwerk. Angelo se monument van Moses is op 'n

drie—of viervoet stuk marmer. Dit het 'n fondament. So, God, ter voorbereiding van hierdie meesterstuk, het Hy dit op 'n fondament van die aartsvaders geplaas. En die aartsvaderlike fondament was eerstens Abraham, dan Isak, dan Jakob, dan Josef, die vier hoeke.

<sup>62</sup> En, nou Abraham was die fondament van geloof. Laat ons sê dit het vier fundamente gehad. Die fondament van geloof was Abraham. Die fondament van liefde was Isak. Die fondament van genade was Jakob, God se genade aan Jakob; enigeen weet dit. Maar in Josef was volmaaktheid, dit is waar Hy die monument kon sit; nie op die eerste fondament, die tweede fondament, die derde fondament nie, maar op die vierde fondament.

<sup>63</sup> Abraham het Christus uitgebeeld, natuurlik; so het Isak, in liefde. Abraham het, in geloof; Isak het, in liefde; Jakob het, deur Sy genade. Want, *Jakob* beteken: “bedrieër,” en dis wat hy was, maar God se genade was met hom. Maar toe dit by Josef gekom het, is daar niks teen hom nie, net een klein skrapie, want die fondament moet ook 'n meesterstuk wees. Toe hy vir sy vader, die profeet, gesê het: “Sê vir Farao jou mense is—is beesboere en nie skaapherders nie, want 'n skaapherder is 'n vervloeking vir die Egiptenaar.”

<sup>64</sup> Maar toe die ou profeet voor Farao verskyn het, het hy gesê: “U dienaars is herders.” So dit het dit gekrap, sien, dis waarom dit dit steeds die meesterstuk maak.

<sup>65</sup> Nou is die fundamente gelê, deur geloof, liefde, genade en tot volmaaktheid, deur die aartsvaders.

<sup>66</sup> Nou die liggaam wat op hierdie groot meesterstuk gekom het, was die profete, wat die Woord was. Ek hoop julle kan dit lees. Sien? Die profete; nie die wette nie! Die profete, want die profete was die bevestigde Woord wat die liggaam maak; nie die aartsvaders nie. Die profete, hulle was die Woord.

<sup>67</sup> Eindelik, soos Hy destyds in die dae van Moses begin het, en deur die profete afgekom het, na elkeen. En, eindelik, die liggaam opgebou het, die hele tyd nader gekom het. En die grootste van hulle almal was Johannes. Die Bybel het so gesê. Jesus het dit gesê. “Daar is nie 'n mens uit 'n vrou gebore so groot soos Johannes die Doper nie,” want hy was die een wat die Woord kon bekend stel.

<sup>68</sup> En toe kom, eindelik, die groot Hoof, die Kop van die geheel. Die res van die liggaam het net Daarvan vertel. Die fondament is gelê deur die aartsvaders; maar die liggaam is gebou deur die Woord, wat die profete was; en hier kom die Hoof van die geheel, Jesus het op die toneel verskyn. Daar, toe hierdie Kopstuk daarop geplaas is, vind ons in Hom die totale

handewerk van God. Ons vind in Hom die volmaakte weerspieëling van die Woord, want Hy was die Woord, die volheid van die Woord. Nou, weer, het God die volmaakte Meesterstuk weer.

Soos Jesaja gesê het: “Aanskou My Dienskneg, My Meesterstuk wat Ek deur al die eeue uitgebeeld het as hierdie volmaakte Een wat kom. En hier staan Hy reg voor My, ’n volmaakte!” Daar, na Sy Eie beeld, wat God reflekteer! Want Hy het gesê, in Johannes 14: “As julle My sien, sien julle die Vader.”

<sup>69</sup> En, dan: “In die begin was die Woord, en die Woord was by God,” en die Woord is uitgeknap en het reflekteer wat die Woord aan die begin was. Hy, die Woord, reflekteer in die Meesterstuk na Sy Eie beeld, God weer terug in Sy Eie beeld, die Woordvorm wat reflekteer word in die beeld van ’n mens, die Meesterstuk.

<sup>70</sup> Al die profete het foute gehad; hulle was elkeen ’n gedeelte. Maar hier, op laas, deur dit heen, kom uiteindelik die Meesterstuk, die volmaakte Een, geen fout hoegenaamd in Hom nie, so perfek weerspieël van die Bouer Self, Sy Eie beeld is in Sy werk weerspieël. “God en Christus was Een,” in so ’n mate dat Hy Sy Eie Gees in Hom geplaas het, en toe het selfs die beeld en die Bouer Een geword. God en Sy beeldhouwerk, Sy Meesterstuk! Waar Mose—Moses was, in die werk van Sint Angelo, was ’n . . . of Michelangelo, liever; ’n—’n beeldhouwerk was wat dood was, omdat dit uit klip gemaak was. Maar hier het die Meesterbouer, toe Hy Sy handewerk vervolmaak het, het Hy Dit betree.

<sup>71</sup> So vervolmaak ’n Verlosser van die mens, so perfek, so goddelik; tog, daar was nie skoonheid dat ons Hom sou begeer nie. Toe hierdie maagdelik—gebore Seun van die lewende God so volmaak geword het, en nederig, en na die beeld van God, totdat die groot Meester Wat Sy Lewe op deur die profete gebring het. . . En Hy was die vervulling van al die profete. Hy was so volmaak dat God, toe Hy sien, Hom geslaan het en uitgeroep het: “Praat!” soos Michelangelo gedoen het. “Praat!”

Julle sê: “Is dit so?”

<sup>72</sup> Markus 9:7, vind ons, op die Berg van Verheerliking, toe Moses, die wet, daar gestaan het, Elía, die profete, daar gestaan het. Die hele pad terug van die aartsvaders af, die vaders, die wet, die profete, en hulle almal van hulle wat daar staan. Ons hoor ’n Stem wat uit die wolk afkom, en gesê het: “Dit is My geliefde Seun; luister na Hom!” En as hulle gaan luister, moet Hy praat. Dit was net ’n paar dae voor Hy geslaan is. “Dit is My Seun, in Wie Ek ’n behae het om in te woon. Ek het Hom gevorm. Dit het My vierduisend jaar geneem om Hom

hiernatoe te bring. En nou, is Hy so volmaak, Ek moet Hom slaan sodat Hy kan praat. Luister na Hom! Hy is die volmaakte Een. Hy, Hy is die meesterstuk.”

<sup>73</sup> Onthou, Hy was uitgebeeld deur al die tye van die Ou Testament heen.

Ons vind Hy was die Rots in die wildernis wat geslaan was, Rots in die wildernis. “Ek is daardie Rots wat in die wildernis was.” Maar dit was ’n steen wat nog nie tot sy volmaaktheid gekom het nie. Maar in tipevorm het Dit die kerk gevolg, om Daaruit te trek dit wat Hy kon trek, Lewe te gee aan Dié wat Hy Lewe aan kon gee. Maar Hy was daardie Rots in die wildernis. Hy was nog nie mens gemaak nie. Hy was slegs in tipe.

<sup>74</sup> Moses het Hom op hierdie Rots sien staan. Hy het Hom sien verbykom en hy het gesê: “Dit is die agterkant van ’n man.” Julle sien, die Beeldhouer het vir Moses, wat ’n potensiele beeld van Christus was, ’n voorstelling gemaak van hoe die groot Meesterstuk sou lyk wanneer Dit vervolmaak is. Hy het deurgegee Sy. . . Hy het vir Moses die visioen ingespuut of—of geprojekteer van hoe die Meesterstuk sou lyk. Dit was die agterkant van ’n man toe Dit in die wildernis verbygekom het.

<sup>75</sup> Onthou, Angelo kon net uitroep en die beeld slaan, en sê: “Praat!”

Maar hoe anders was dit vir God, die groot Beeldhouer. Toe Hy ’n mens na Sy Eie beeld gemaak het, so volmaak dat Dit Hom weerspieël het, het God deur die beeld van die mens gepraat, gewys wat Hy sou doen. Hy het deur die profete gepraat soos hulle in hul potensiele beeld was, soos Hy dit na die Hoof aan die bring was. Maar toe Hy in die Hoof gekom het, was Hy die hele beeld van God; Hy het Homself uitgebeeld. Toe, geslaan vir ons, is Hy nou vir ons die Meesterstuk, die Gawe van God, Jesus Christus, Ewige Lewe. Ek hoop ons vergeet dit nooit nie.

<sup>76</sup> Soos ons die dae sien verdonker, soos ons die skaduwees sien daal! Wanneer, voorspel ek: “Dis net nog ’n paar draaie van die son. Hierdie nasie is gedoem.” Weet julle. . .

Gister, vierde Julie. Thomas Jefferson het die verklaring van onafhanklikheid geteken, hy en die ander raadslede wat by hom was, en die Vryheidsklok het gelui, en ons is ’n onafhanklikheid verklaar, as ’n nasie. Volgens die geskiedenis was daar nog nooit op enige tydstip ’n demokrasie gewees wat meer as tweehonderd jaar geduur het nie. En dit was 1776, die vierde Julie. En ons het net elf jaar oor. Sal dit dit maak? Nee, kan nie, sien. Elf jaar. En as dit dit maak, sal die hele geskiedenis verbreek.

<sup>77</sup> En ons sien die toestand van die tyd. Ons sien die toestand van die mense. Ons sien die toestand van die politiek. Ons sien die toestand van die wêreld. Dit kan nie standhou nie. Dit moet sink, soos die Titanic. Dit moet ondergaan, plek maak vir hulle s'n. Een nasie maak plek vir 'n ander, soos dit val. En hierdie koninkryk moet val, en elke ander koninkryk, om plek te maak vir daardie Koninkryk wat kom, wat nie kan val nie. "Want ons ontvang 'n Koninkryk wat nie beweeg kan word nie," deur hierdie volmaakte beeld van God, die Meesterstuk.

<sup>78</sup> God, toe Hy Hom aanskou het, was Hy so geïnspireerd! Hy was so... om Hom te sien soos Hy gelyk het, en om die—die vorm van Hom te sien, Hy was so geïnspireerd dat dit die volmaakte Meesterstuk van 'n Verlosser sou wees, Jesus die Verlosser. Dus, God, ten einde Self geslaan te word; want, om Sy Eie boete te betaal, het God en Christus Een geword, sodat God in die Beeld geslaan kon word, Hy 'n letsel kon hê. En dis waarom Jesaja gesê het: "Ons het Hom geag as een geslaan en deur God verdruk. Maar Hy is ter wille van ons oortredinge verwond, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom."

<sup>79</sup> Die volmaakte Beeld, die God—Mens! God in *en morphe*, het van die Bonatuurlike na die visioen verander, en die visioen is in die Beeld geprojekteer. En die Beeld is geslaan sodat die Bonatuurlike die gevoel van dood kon ervaar, God se volmaakte Meesterstuk.

Hy kon dit nie in Moses doen nie. Hy kon dit nie in die profete doen nie; Jesaja, wat met sae gesaag is tot hy in stukke gesaag is. Hy kon dit nie in die profete wat gestenig is, doen nie. Hy kon dit nie doen nie, want Hy kon dit nie voel nie; daar was net 'n deel van Hom.

Maar in hierdie volmaakte Meesterstuk was Hy liggaamlik die volheid van die Godheid. Hy kon nie net Moses projekteer nie; Hy kon Sy gehele Wese in hierdie Persoon projekteer, en die dood smaak vir die hele menslike ras. God se volmaakte Meesterstuk! God, so geïnspireerd by die aanskoue Daarvan, dat Hy die Verlosser vir alle tye geword het; om vir diegene in die agtergrond te praat, wat vantevore was, en nou.

<sup>80</sup> Alle beloftes is in Hom nagekom. Hy was die Vervolmaking van die volmaaktheid. Alle tipes is in Hom vervul; ons Bloedverwante Losser, in Rut en Boas; ons Wetgewer, van Berg Sinai; ons Profeet, uit die wildernis kom; waar Hy van die berg afkom, waar Hy uit die wildernis kom; waar Hy uit die Ewigheid kom en 'n mens word, die volmaakte Beeld!

<sup>81</sup> God, deur die tye heen, wat voortkap, deur die aartsvaders, en Sy platvorm gemaak het, en hulle voortgebring het uit die verskillende dinge waarop Hy hierdie fondament sou plaas.



Hierop het Hy Sy Woord, die profete, begin bou. En dan, eindelijk, uitgekome by die volmaakte Profeet, die volmaakte Fondament, die volmaakte visioen wat God gehad het.

<sup>82</sup> En nou, sodat dit kan praat, is Hy die Woord. En vir die Woord om te praat, moet Hy in die Beeld inkom. En dan vir die Beeld om te praat, moet dit geslaan word. Hy kom in die Beeld in, en dan om te praat, die volmaakte Verlosser.

<sup>83</sup> Al die tipes van die Ou Testament is in Hom bewaarheid. Soos ek die ander dag gesê het, Jehova van die Ou Testament is Jesus van die Nuwe. Ja.

<sup>84</sup> Soos baie van julle, mans, vrouens, my ouderdom; ons het altyd, oor die land heen, 'n klomp Chinese wasserye gehad. Toe die Chinese eers begin inkom het, het hulle van die Weskus gekom, ooswaarts beweeg, uit die Oosterse land oorgekom, hierheen beweeg. En soos hulle dit gedoen het, was hulle 'n nasie wat nie met ons taal en ons maniere bekend was nie, maar hulle was goeie wassery—mense. En hulle kon nie 'n kaartjie uitskryf sodat jy jou regte wasgoed kon terugkry nie.

Maar die Chinees het vir hom 'n klomp kaartjies gekry met glad niks daarop nie. So as jy met jou wasgoed kom, sou hy hierdie kaartjie neem en dit op 'n sekere manier skeur; en jou een stuk gee, en hy sou die ander stuk hou. En nou, dis 'n bietjie beter as wat ons nou het, want as jy terugkom om wat jou eie was, op te eis, moes daardie twee stukke pas. Jy kon dit nie namaak as jy moes nie. Daar's geen manier om dit te doen nie. Jy kan kopieë van briefies maak, maar jy kan daardie skeur nie namaak nie. Dit moet presies op die ander stuk pas. Dus, jou vuil klere wat jy ingebring het, jy kon dit met hierdie kaartjie terugkry, want dit het gepas op die kaartjie wat ingegee is.

<sup>85</sup> En toe God, deur die profete, en onder die wet, ons tot sonde verdoem het; en die wet het geen genade nie, dit sê jou net jy is 'n sondaar. Maar toe Jesus op die toneel gekom het, was Hy die vervulling, was Hy die—die vervulling van alles wat God belooft het. Hy was die volmaakte, identiese beeld van die belofte. Daarom, is alle beloftes van die Ou Testament in Jesus Christus bewaarheid. Dit kon nie in Moses bewaarheid word nie, dit kon nie in enige van die profete bewaarheid word nie, maar dit is in die Meesterstuk bewaarheid. Dit het gepas by alles wat Dit gesê het Dit sou wees.

So sal die Kerk moet pas by alles wat God belooft het. Dit moet die stukkie wees wat Daaruit geslaan is. So as die oorspronklike die Woord is, so sal die voorwerpe wat Daaruit geneem is, die Woord wees, om op Sy sy te pas.

<sup>86</sup> Dus, die Chinees, jy kon terugeis... Waar, die wet veroordeel jou en sê vir jou jy is vuil, en jy is skuldig, en kon jou in die tronk sit. Maar toe Hy gekom het, was Hy die

Bypassende-deel daarvoor, wat jou kon uitneem; en jou kon terugbring om—om die volledige kaartjie te wees, die verlossing wat God destyds in die tuin van Eden belooft het. “Jou Saad sal die slang se kop verbrysel. Maar, Sy hak sal verbrysel—verbrysel sy kop.”

<sup>87</sup> Nou, ons vind hierdie volmaakte Meesterstuk wat God voltooi het. Nou, ons let op dat Hy alles was wat belooft is dit sou wees. Hy is al die beloftes, al die profesieë, alles waarvan God ’n belofte gemaak het. “Jou Saad sal die slang se kop verbrysel.” Nou, Hy kon dit nie met die wet verbrysel nie, Hy kon dit nie met die profete verbrysel nie, maar Hy het dit gedoen toe die vrou se Saad die Meesterstuk, geword het Christus. Hy was die Rots wat Daniël uit die berg gekap gesien het. Hy was die Een wat kon slaan. Hy is die Een wat kon verbrysel, die slang se kop verbrysel.

<sup>88</sup> Sy lewe vergelyk presies met die lewe van Moses. Sy lewe vergelyk met Dawid. Laat ons sien of dit so was, of Hy die Bypassende-deel is.

<sup>89</sup> Let op Dawid, ’n verwerpte koning, oor sy eie volk. Hy was. . . Een dag terwyl hy. . . Sy eie seun het teen hom in opstand gekom, en hy het die leërs van Israel geskei en verdeel. En hy, Dawid, is deur sy eie volk van sy troon gedryf, of verdryf.

En op sy weg uit was daar ’n man wat hom gehaat het, en hy het daar geloop, op Dawid gespuug. Daardie wag het sy swaard getrek, gesê: “Sal ek daardie hond se kop op hom laat bly, spug op my koning?”

Dawid het gesê: “Los hom. God het hom gesê om dit te doen.”

<sup>90</sup> Sien julle nie? “’n Man van smarte, bekend met krankheid. Hy staan soos ’n Skaap wat stom is voor sy skeerders.” Hulle. . . Hy het dit gesê. Miskien het Dawid nie geweet wat hy gesê het nie.

Maar omtrent vyf, seshonderd jaar later, of ’n bietjie meer, het die Seun van Dawid deur daardie selfde strate gegaan en is op Hom gespuug. Maar let op wat gebeur het toe Dawid, uit sy—uit sy. . . toe hy ’n vlugteling geword het; en uit sy ballingskap, toe hy—toe hy teruggekom het, het daardie man om vrede en genade gesmeek. Selfs hulle wat Hom geslaan het sal Hom eendag sien as Hy terugkeer.

<sup>91</sup> En ons vind dan uit, in Josef, dat Josef ’n vreemd—gebore seun was, die laaste, die boonste deel van die fondament, waarop die meesterstuk gebou moes word. Dit kom uit geloof, en tot liefde, en tot genade, kom dit tot volmaaktheid. En so het dit, van die voete van die begin, tot volmaaktheid in Christus gekom. Let op hoedat Hy in Josef uitgebeeld was, die top van die fondament, die volmaakste van hulle almal.

<sup>92</sup> Ons vind Josef is vir sy familie gebore. En hy was inderdaad uit die wettige vrou, wat Jakob se vrou was. En let ook op dat toe hy gebore is, sy vader hom liefgehad het; en sy broers het hom gehaat, sonder 'n rede. Hoekom het hulle hom gehaat? Want hy was die Woord.

Sien julle die einste fondament? Sien julle hoe die kop van die fondament gekom het? Nou, kyk na die Kop van die liggaam, wat kom. Nou kyk die Kop van die Bruid wat kom. Hy was die Woord.

En hulle het hom gehaat, want hy was 'n siener. Hy het dinge vooruitgesien, en hulle vertel. Hulle het gebeur. Maak nie saak hoe lank dit getalm het nie, dit het nogtans gebeur. En deurdat hy geestelik was, is hy deur sy broers geëkskommuniseer. Hulle behoort hom lief te gehad het. Maar hulle het hom gehaat, want hy was 'n profeet en hy was geestelik. En hulle het hom gehaat.

<sup>93</sup> Let op, hy is verkoop vir byna dertig stukke silwer; in 'n sloot gegooi, en veronderstel om dood te wees, maar is uit die sloot uitgehaal. En in sy tyd van versoeking, in die tronk; die skinker en die—die bakker, ons weet dat die skinker gered is en die bakker verlore is. En in Christus se tronk, aan die kruis, is een gered en die ander is verlore; twee diewe, twee kwaaddoeners.

<sup>94</sup> En ons let op hy is uit sy tronk geneem aan die regterhand van Farao; dat niemand met Farao kon praat behalwe deur Josef nie. En wanneer Josef daardie troon van Farao verlaat het en die basuin dwarsdeur Egipte weerklink het, het die klank voortgegaan en gesê: “Buig die knie, almal, Josef kom te voorskyn!”

<sup>95</sup> So sal dit met Jesus wees. Hoe is Hy deur die Vader liefgehad, en gehaat deur daardie denominasionele broers, sonder 'n rede. En hy is, soos dit was, vir dertig stukke silwer verkoop; en in die sloot gesit, veronderstel om dood te wees. Aan die kruis; een verlore en die ander een gered. En is van die kruis af opgelig; en sit aan die regterhand van God, in Majesteit, die groot Gees wat in Hom weerspieël is. En geen mens kan met God praat nie, net deur Jesus Christus. Dink daaraan! En wanneer Hy daardie Troon verlaat, te voorskyn kom: “Sal die basuin weerklink en elke knie sal buig en elke tong sal bely.”

<sup>96</sup> Onthou, hy was die seun van voorspoed. Alles wat hy gedoen het was voorspoedig. Of dit die tronk was, of waar dit ook al was, dit het reg uitgekom.

En het Hy nie vir Sy kinders belowe dat Hy alles ten goede sal laat meewerk nie. Of dit siekte was, gevangenis, dood,

smarte, wat dit ook al was, dat dit sou meewerk ten goede vir hulle wat Hom liefhet. Hy het dit belowe, en dit moet so wees. Dit moet daar wees. Dis figuurlik, met ons gepraat in Hom. Hy was daardie volmaakte Beeld van God. Nou ons sien ook hier, dat wanneer Hy weer kom. . .

<sup>97</sup> Onthou, Josef het die wêreld deur openbaring gered, deur sy groot profesie. Die wêreld sou gesterf het as dit nie vir Josef was nie.

En die wêreld sou—sou dood gewees het as dit nie vir Jesus was nie. “Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie.” God bewaar Lewe.

<sup>98</sup> Ons sou net kon voortgaan en voortgaan! Want, Hy was eenvoudig die eweknie van Dawid. Hy was die eweknie van Moses. Hy was die eweknie van Elía. Hy was die eweknie van Josef. Alles is deur Hom uitgebeeld of voorspel in die Ou Testament, presies daarin gepas, (wat is dit?) ’n volmaakte Verlosser vertoon. Dat ons ons ou vuil klere na die wassery kon neem, dit weer gaan opeis. Dis gewas in die Bloed van die Lam. Ons kan opeis wat ons eie is. En alles waarvoor Hy gesterf het, kan ons opeis. So, Hy was die volmaakte Woord, uitgebeeld.

<sup>99</sup> Dit het God behaag, die groot Beeldhouer, om Hom te slaan, en dit op hierdie wyse te doen. Ons sien Hom hier in Jesaja waar ek lees: “Ons het Hom almal geag, ja, soos een vir wie ’n mens sy gelaat verberg. Daar is geen voorkoms dat ons Hom sou begeer nie,” almal praat oor Hom, spot met Hom. Ek praat nou van Hom in hierdie dag, almal wat met Hom spot. Sien? “Ons het Hom geag, ons het Hom gesien.” *Geag* beteken om te “beskou.” “Ons het Hom geag as deur God geslaan en verdruk.” Tog, Hy, waarom het Hy dit gedoen? “Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel.”

<sup>100</sup> Nou, ons sou kon voortgaan en voortgaan daarmee, maar ek meen julle het nou die prentjie van wat ek bedoel, God was Sy Meesterstuk weer opbou.

<sup>101</sup> Maar laat ons nie vergeet dat in die begin, toe Hy Adam se sy geslaan het, Hy iets uit sy sy geneem het nie.

Nou die slaan van Christus was met ’n doel, dat Hy uit Hom een kon neem, om ’n familie te wees, die Bruid; Hy Hom ’n Bruid kon neem. So toe Sy Meesterstuk vervolmaak is, moes Hy Dit slaan, om uit Hom te neem; nie ’n ander stuk nie, nie ’n ander skepping nie, maar van dieselfde skepping.

<sup>102</sup> My broer, moenie sleg dink hiervan nie, maar dink ’n oomblik. As Hy van Hom, die oorspronklike skepping, geneem het om die Bruid vir Hom te maak, het Hy nooit ’n ander

skepping gemaak nie. Hy het 'n deel van die oorspronklike skepping geneem. Dan, as Hy die Woord was, wat moet die Bruid wees? Dit moet die oorspronklike Woord wees, lewende God in die Woord.

<sup>103</sup> Kimberley, Suid-Afrika. Op 'n keer het ek na diamante gekyk, hoe hulle uit die grond boontoe gebring is. En ek het hulle daar sien lê. Want, wel, die—die opsiener by die aanleg, of die myn, was een van my plekaanwysers in die gebedsry. En ek het die diamante raakgesien, gewaardeer vir tienduisende dollars, opmekaar gehoop, maar hulle het nie geskitter nie, selfs nie onder die lig nie. En ek het vir die opsiener van die myne gesê, ek het gesê: “Hoekom skitter hulle nie?”

<sup>104</sup> Hy het gesê: “Meneer, hulle is nog nie gesny nie. Hulle moet gesny word. Dan, wanneer hulle gesny is, weerkaats hulle die lig.” Daar het julle dit.

<sup>105</sup> Die Meesterstuk moet gesny word. Let op, gesny waarvoor? Word die stuk afgesny? Nee, nee. Die stukkie wat afgesny word, word 'n grammofoonnaald van gemaak, en die grammofoonnaald word gesit op 'n—'n—'n plaat wat onsigbare musiek vir die wêreld is. Maar dis die naald wat dit uitbring, die ware interpretasie van die Woord uitbring.

<sup>106</sup> Sy lewe het met al die mense ooreengekom. Dit het God behaag om Hom te slaan. En nou, waarom het Hy Hom geslaan? Om dieselfde rede as waarom Hy Adam moes slaan.

<sup>107</sup> Nou sien ons Hom geplaag, geslaan deur God en verdruk, die volmaakte Lam vir sondaar—sondaars geslag, 'n volmaakte Meesterstuk.

<sup>108</sup> Nou, vir byna tweeduisend jaar, is God weer vir Hom 'n Meesterstuk gemaak. Want, Hy het Adam geslaan om 'n mee—. . . 'n stukkie van hom af te kry, deel van hom, 'n rib om 'n vrou vir hom te maak. En nou daardie volmaakte Meesterstuk wat Hy op Golgota geslaan het, Hy het 'n stukkie van Hom afgekry. Dis net die Nuwe Testament, dis al. Hy het die Ou Testament vervul. Nou is dit die Nuwe Testament, 'n ander deel om vervul te word. Sien, die Nuwe en Oue is man en vrou. Sien? En dit het die Nuwe geneem om te voor. . . Die Oue om die Nuwe vooraf te skadu; Christus het gekom, die Meesterstuk, om dit te vervul. Nou sal Sy Bruid alles vervul wat in die Nuwe Testament is. 'n Ander Meesterstuk is in wording.

<sup>109</sup> Soos dit Hom vierduisend jaar geneem het om hierdie Meesterstuk te maak; nou is Hy vir byna tweeduisend jaar 'n ander Meesterstuk aan die maak, 'n Bruid vir Christus, 'n ander Meesterstuk. Sodoende doen Hy dit met sy nooit-veranderende metode, op dieselfde wyse dat Hy die

Meesterstuk gemaak het; Sy Woord. Dis die wyse waarop Hy Sy Meesterstukke maak, want Hy kan net 'n volmaakte Meesterstuk wees as Dit die volmaakte Woord is.

Enige vuilheid, snert, insputings sal dit breek. “Maar die hemele en aarde sal verbygaan, maar daardie Woord sal nooit breek nie.” Julle onthou, as 'n diamant gesny word moet jy 'n perfekte instrument hê om dit mee te doen, nie sommer enige stuk sal dit doen nie. Ek het tonne van daardie groot vergruisers daar deur sien bars, en daardie groot tonne sien verskuif, en daardie diamant gaan dwarsdeur. Nee, dit breek nie die diamant nie. Dit moet gesny word.

<sup>110</sup> Nou doen Hy dieselfde ding in Sy nooit—veranderende metode. Ons vind uit, in Maleági 3, het Hy gesê: “Ek is God, en Ek verander nie.” Hy kan nie Sy metode verander nie.

<sup>111</sup> Nou, soos Hy in Abraham begin het. Na die val van die eerste meesterstuk, het Hy met Abraham begin, op 'n fondament, om 'n ander meesterstuk te bou.

Hy het op Pinksterdag begin om 'n ander Meesterstuk te bou, die oorspronklike Saad, Woord. Het in die eerste Kerk begin. Wat was dit? Die Saad, Woord, die Woord gemanifesteer, die belofte wat gegee is. Joël het gesê: “En in die laaste dae, sê God, sal Ek My Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien.” Wat Hy in die laaste dae, twee, laaste tweeduisend jaar sou doen.

<sup>112</sup> Let op, en dit het as die oorspronklike begin. Soos Jesus gesê het: “Die Woord van God is die Saad wat 'n saaiër gesaai het.” En Hy was die Saaier. Die Saad was die Woord. En, let op, enige saad wat alleen bly, doen nooit niks nie. Dit moet in die grond val om weer sy opbrengs voort te bring. En hierdie Saad, daardie volmaakte Kerk, het by Nicaea, Rome, op die grond geval, toe sy 'n denominasie geword het.

<sup>113</sup> Nou, historici, onthou. En julle wat hierdie band gaan hoor, gaan dit na en vind uit of dit nie reg is nie. Die kerk het gesterf by Nicaea, Rome, toe sy leerstellinge en geloofsbelydenisse aanvaar het in plaas van die oorspronklike Woord. Wat was dit? God het getoon, deur daardie eerste Kerk, dat Hy God was. Hy het 'n Kerk vervolmaak gehad, maar die Kerk, soos alle ander sade, moet in die grond val en sterf. Nou, dit het in die grond geval, en gesterf, en weggekwyn.

<sup>114</sup> Julle weet, ek het hier, nie lank gelede nie, 'n boek gelees. Iemand het 'n—'n boek geskryf, en gesê: *Die Swygsame God*. Julle het dit dalk gelees. Ek vergeet, ek—ek dink Brumback. . . Nee, ek weet nie, ek is nie seker wie dit was wat dit geskryf het nie. Maar ek kan nie onthou nie. Ek het dit in my studeerkamer. *Die Swygsame God*, het gesê: “God, deur

duisend jaar van donker eeue, het stil gesit en nooit 'n hand verroer nie, en gekyk hoe getroue martelare na die leeu kuil gegaan het; en deur die Romeine verbrand is; sluipmoorde van alle soorte; vroue van hulle klere gestroop, hulle lang hare aan die brand gestee, met teer, en hulle verbrand." Onthou, kort hare het eerste in Rome begin. En die vroue van Christene het lang hare gehad, dus het hulle dit in teer gedoop en hulle aan die brand gestee, en hulle verbrand, en hulle nakend; hulle vir die leeu gevoer. En hierdie skrywer gaan sê: "Waar is daardie God?"

O, die blindheid van die mens, partymaal! Weet julle nie dat daardie Saad moes sterf nie? Hy het nooit probeer om hulle te verlos nie. Hulle het in oorwinning geval. Hulle het geval, bloeiend en sterwend, hulle lewens gegee. Hoekom? Dit was 'n Saad. Dit moes in die grond val, soos, eers, Johannes 12 vir ons sê: "Die koringkorrel, dit moet in die grond val en daar sterf; en nie net sterf nie, maar verrot." Maar min het daardie denominasie geweet dat daardie Lewe nog daarin was. Hoewel die kerk in sigself . . .

<sup>115</sup> By daardie Nicaea—Raad, van vyftien dae van bloedige politieke debat, toe daardie aristokrate ingekom het en hierdie groot hoogwaardigheidsbekleërs in die kerk wou invoer. En profete het uit daardie wildernis daar gekom, kruie geëet en in die dierevelle geklee, egte profete, en hulle het hulle uitgegooi. Hoekom? Die Saad moet in die grond val. Dit moet sterf.

<sup>116</sup> Dit het in die donker eeue gesterf, daar onder die donker grond. Hulle het gedink dis weg. Julle weet, Johannes 12:24, Jesus het gesê: "As die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen." En die eerste Kerk was daardie reproduksie, daardie Bruid, daardie Saad, daardie Woord wat gemanifesteer is, wat in die grond geval het by Nicaea, Rome. [Broer Branham klop verskeie male op die preekstoel—Red.]

<sup>117</sup> Luister, Kerk, dwarsdeur die nasies, wat hierdie sal hoor. Daar is julle grond, dis daardie denominasies. Daar is waar die Woord gekruisig is, en hulle leerstellinge aanvaar het. En vir honderde en honderde jare van donker eeue, is die Krag en manifestering van die Woord vir die wêreld verberg. Net Katolisme het geheers. Ons almal weet dit almal, deur geskiedenis te lees. Net Katolisme heers.

<sup>118</sup> Maar, jy—jy kan nie 'n ontkiemde Saad wegsteek nie, Dit moet te voorskyn kom want (hoekom?) die groot Beeldhouer is aan die werk. Hy gaan weer bou. So Hy . . .

Die Saad het geval, die Woord.

<sup>119</sup> Wanneer ons Paulus, Petrus, Jakobus, Johannes sien, hulle almal wat die Woord geskryf het. En hulle het geskrywe, die Woord wat hulle geskryf het, het lewendig geword, en gelewe,

en Dit het geleef. En dan vind ons, nadat dit ryp begin word het, begin Johannes te skryf in sendbriewe, is hy op die Eiland Patmos gegooi nadat hy vir vier—en—twintig uur in die olie gebrand is. Maar die Woord moet te voorskyn kom. Dit moet geskryf word. Hulle kon nie die Heilige Gees uit hom uitkook, met olie, nie, dus het hy uitgekook. Sy werk was nie klaar nie. Hy het 'n natuurlike dood gesterf.

<sup>120</sup> Policarpus, wat 'n dissipel van Johannes was, het die Woord voortgesit. En na Policarpus het Iranaeus gekom. En Iranaeus, die groot man van God wat die eerste Evangelie geglo het wat ons glo: “Die Woord is reg.” Die kerk wat Dit probeer uitdruk.

<sup>121</sup> Uiteindelik het dit tot Nicaea, Rome, gekom, en daar het sy in die grond geval, na Sint Martin, en is vermoor. Sint Martin het dieselfde ding geglo wat ons glo. Hy het vir dieselfde ding gestaan, die doop van die Heilige Gees, die doop in water in Jesus se Naam. Hy het gestaan in die eerste ding waarvoor ons staan. En hy was 'n profeet, en het die volle Woord van God geglo. En eindelik is hulle gekruisig, en in die grond vertrap, en het vir honderde jare daar gelê, totdat dit die buitekant, Saad verrot het. Die ou liggame het weggevrot. Ek was in Sint Angelo, in die katakombes, en het gesien waar hulle gesterf het, en hulle gebroke beendere en alles. Hulle het uiteindelik verrot totdat hulle beendere weg was, maar die Lewe was nog daar.

<sup>122</sup> Die koringkorrel wat in die grond geval het op... by die Nicaea Raad, begin weer spruit in Martin Luther. Soos enige mielie, of koring, wat opkom; na die saad verrot, ontspring die lewe. En dit het begin voortkom in Martin Luther. Wat het hy gedoen, eerstens? Die denominasie van Katolisisme verwerp, geprotesteer dat dit verkeerd was. Want, het hy gesê: “Die regverdiges sal deur geloof leef.” Wat was dit? 'n Bietjie flou Lewe wat 'n paar spruitjies uitgestoot het. Dit was die Luthers. Dit lyk gewis nie na die graan wat in die grond ingegaan het nie, maar die Lewe begin nou uitkom.

<sup>123</sup> Toe het dit 'n stingel geword. Wat gebeur toe? In die dae van John Wesley, wat het hy gedoen toe hy heiligmaking uitgebring het? Hy het by die Woord gebly. En wat het dit gedoen? Die Lutherane het georganiseer en 'n organisasie gemaak, so dit was tyd vir iets om te gebeur. Die meesterstuk word nou gebou, wat het hy gedoen? Wat het hy gedoen? Hy het teen daardie Anglikaanse kerk geprotesteer, in die hervorming as 'n pluim uitgekook. Wat is dit? Die saad kom tot Lewe, groei nou.

<sup>124</sup> Nou, die stingel lyk nie soos die saad nie, ook nie die pluim nie.



125 Nou, Pinksterbroers deur die nasies heen, ek wil hê julle moet luister, my broer. As hierdie die laaste Boodschap is wat ek ooit sal preek, Dit is my meesterstuk. Let julle op wanneer die koring . . . die koringkorrel wat in die grond val, wanneer dit weer begin terugvorm na sy—sy korrel?

126 Hou die natuur dop. Die natuur is presies God. God wat in die natuur werk, dis al wat Hy kan doen. Maar van die Pinksterherlewing, soos hulle dink, was die Saad; dit was nie. Nou kyk. Maar iets het voortgekom net soos die Saad. Nou kyk wat Jesus gesê het, in Mattheüs 24:24, dat: “Die twee geeste sal in die laaste dae so naby mekaar wees, dit sou die Uitverkorenes mislei as dit moontlik was.”

127 Nou, daardie stingel lyk glad nie soos ’n saad nie; ook die pluim lyk nie soos ’n saad nie. Maar let nou op, nie in Luther se dag nie, maar in die laaste dag.

128 Die eerste ding. Daar sit koringboere hier. Die eerste ding wat te voorskyn kom aan ’n koringsaad, jy sal amper dink dit is ’n saad, maar (wat is dit?) dit is die dop. Dit vorm ’n klein iets buite, soos, om die saad te hou. Dit vorm ’n dop. Maar die dop is nie die saad nie, net so min as wat die pluim of die stingel was. Dis dan net ’n draer van die lewe, die koringkorrel. Johannes 12, sien julle, Jesus wat praat.

129 Die koring, na die pluim (na Wesley), bring die dop te voorskyn, wat die meeste van alles soos die korrel is. Die dop is meer soos die korrel. Dit word die hele tyd meer soos die korrel, die een wat in die grond ingegaan het. En wanneer dit te voorskyn kom, die stingel, het dit Lewe in hom, maar dis gewis nie die korrel nie. Kom die pluim, die stuifmeel, te voorskyn, is dit nog nie die korrel nie. En dan kom dit te voorskyn, die dop, en dit het mooi die vorm van die koring, net presies soos die koringkorrel, maar tog is dit nie die koring nie. Net presies van dieselfde vorm, perfek.

130 Die Pinkstermense het uitgekome presies soos die koring sou. Elkeen kom uit die ander uit, kom uit die ander uit, maar hulle is net ’n draer. Hulle gaan na denominasie. En dit is wat die Pinksterbeweging gedoen het, na denominasie gegaan. En wat het die Pinksterbeweging gedoen toe dit net soos die korrel uitgekome het? Dit het reg teruggekeer, soos in Openbaring 17, na een van die susterdenominasies. Dis presies wat. Dis wat Jesus gesê het.

131 Kyk nou. Die Evangelie gaan uitkom deur Luther, deur Wesley, na Pinkster, en in die laaste dae sal dit die Uitverkorenes self mislei as dit moontlik is. Die Uitverkorenes! O, Pinksterbroers, kan julle nie sien nie?

132 Die koring is in sy eerste begin net soos die saad, wanneer dit soos die saad begin vorm, maar dis die dop. Dit het

gedenomineer, presies dieselfde ding gedoen wat hulle hier onder in Luther gedoen het. In Openbaringe 17, bewys dit dieselfde ding, van die kerke.

<sup>133</sup> Nou, die korrel Saad het oorspronklik by Nicaea geval, want dit was die eerste denominasie.

<sup>134</sup> Let hier op, die Lewe wat in die stingel, pluim was, beland nou alles in die Saad. Die Lewe wat uit die oorspronklike Saad gekom het, kom deur verskillende prosesse (drie verskillende prosesse) op, en keer dan na Sy oorspronklike toestand terug. Halleluja! O goeiste! Ek is die gelukkigste persoon in die wêreld, dat God my Dit laat sien het. Kyk hoe perfek werk die Woord en hierdie (die natuur) saam.

<sup>135</sup> Net soos ons die opstanding bewys; opkom, die son; sak van die son; weer opkom.

Die blaar wat uit die boom gaan, af in, die sap in die wortel in; en kom terug na bo, en—en die blaar kom weer daarmee saam terug boontoe. Dit val op die grond; die lewe van die boom suig dit reguit terug, die kalsium en kalium, en bring dit weer tot reg by 'n ander blaar.

Sien, die hele natuur, alles werk net met—met die Woord van God. En hier is dit, presies, perfek in hierdie Kerke. Dis waarom die Heilige Gees neergedaal het en daardie dinge geteken het, en hulle vir ons uitgemerk het op die wyse wat Hy het. Dis presies.

<sup>136</sup> Let hier op, die Lewe wat in die dop was. In die stingel, en in die pluim, in die dop, alles versamel in die Saad. En die Lewe wat in die stingel was, het gegaan, die een het gegaan om die ander te maak. Regverdigmaking het 'n weg gebaan vir heiligmaking; heiligmaking het die weg gebaan vir die doop van die Heilige Gees; die doop van die Heilige Gees het die weg gebaan vir die Heilige Gees Self om reguit neer te daal in volmaaktheid, weer terug na die Woord, om Homself te manifesteer.

<sup>137</sup> Maar, wat gedemomineer word, sterf. Soos Lewe in Luther gegaan het om Wesley te maak; en—en van Wesley het Dit na Pinkster gegaan; en van Pinkster, om die oorspronklike Saad te maak. Aan na Pinkster, kom uit Wesley, tot op daardie tyd. Die rede waarom Pinkster uit Wesley gekom het, want dit was geen denominasie nie, Pinkster was nie. Toe gaan Pinkster gedemomineer, en (wat het dit gedoen?) dit het die dop geword. Dit het soos die egte Ding gelyk.

<sup>138</sup> En, enigeen, hoeveel het al ooit 'n saad—'n koringsaad, gesien wat begin groei? Wat is die eerste dingetjie? Dis net presies soos die saad, maar dis die dop.

Sien die drie stadiums? Stingel; pluim, of die stuifmeel; dan die dop; en dan uit die dop, kom die oorspronklike Saad. Sien? Nie 'n Saad nie; dit was die Lewe van die Saad, wat hierdeur groei, om tot die Saad te kom. Amen, amen! Sien julle dit? Wat is dit? 'n Opstanding, weer na 'n Meesterstuk terugkeer, soos die Een wat ingegaan het.

<sup>139</sup> Pinkster het uit die Wesley gekom, want Wesley was 'n organisasie. Pinkster het uitgekom as geen organisasie nie, en toe na een verander. Dit moes, om die dop te maak. Die ware Woord van die Lewe daaraan, was toe op sy weg na die oorspronklike Korrel, deur hierdie stadiums. Deur die stingel, dan in die stuifmeel in; van die stuifmeel in die dop; en van die dop, het Dit Saad gevorm.

<sup>140</sup> Nee, stingel, pluim, dop, lewend het hulle (in hulle vroeë herlewing) 'n houer voortgebring van 'n sekere deel van die Saadlewe; maar, toe hulle georganiseer het, het die Lewe daar uitbeweeg. Dis bewys deur die hele geskiedenis. Nooit het 'n organisasie ooit iets gedoen nadat dit georganiseer het nie. Dit was dood. Dis reg.

<sup>141</sup> Kyk, die Lewe gaan nou voort. Dit beweeg aan.

<sup>142</sup> Let op, wat hulle gedoen het, hulle almal gedoen het, is deur die geskiedenis bewys net presies die wyse waarop die kerk gekom het, om nooit weer vir Hom bruikbaar te wees nie. Organisasie word op die rak gelê. Daar was nooit, in die hele geskiedenis, 'n kerk wat, nadat dit georganiseer het, nie gesterf het nie. En die organisasie het gesterf en nooit weer opgestaan nie. Kan julle dit nie sien nie? Mense wat blind is, maak julle oë oop! Die Natuur en die Woord wat saam koördineer en net hier bewys dat Dit die Waarheid is, dat dit die Waarheid is. Dat Lewe die stingel verlaat, om die pluim te maak; van die pluim maak Dit die dop; en van die dop gaan Dit weer in die Oorspronklike. Let op, om nooit weer vir Hom bruikbaar te wees nie.

<sup>143</sup> Hoe opmerklik is hierdie lewe, in sy reis in die koringkorrel, soos dit in die boom is. God het Sy mense soos 'n boom geroep; sien, die lewe gaan af, in 'n boom, en kom weer terug na bo; gaan af en kom terug na bo; sien, dit gaan af en kom terug na bo. Maar, in die koringkorrel gaan dit van die oorspronklike stingel. . . deur die stingel, pluim, en dop; en die ding waardeur dit gegaan het, sterf, dus kan dit nie weer daardeur terugkeer nie. Wat is dit? Dis van geen nut meer nie. Dit gaan voort na sy vervolmaking.

Amen! Sien julle nie waarom Hy nooit 'n organisasie gebruik het nie? Hy kan nie weer daarin terugkeer nie. Dis dood. Maar die Lewe gaan voort, van die een na die ander. Sien, hulle stel geloofsbelydenisse, en spuit in. "Wie ook al een woord byvoeg, of een Woord wegneem," sien, hy word Daarvan afgesluit. Dit moet die Lewe—Saad wees wat voortgaan.

<sup>144</sup> Ek gebruik dit nou in 'n gelykenis, van die Bruid, die Meesterstuk wat te voorskyn kom. Soos die Meesterstuk geval het, kom daar 'n Meesterstuk op. Die Meesterstuk het geval by Pink— . . . by Nicaea, Rome, by Nicaea. Na Nicaea, Rome, het Sy deur 'n proses gekom, maar Sy kom weer reg terug na daardie Meesterstuk, vervolmaak, want Sy's 'n deel van daardie Woord wat deur Hom gespreek is. Hy sal " 'n Kerk sonder vlek of 'n rimpel," hê. Dit sal nie op enige wyse verbind wees aan enige soort organisasie of 'n denominasie, die vervloekte ding nie. Dit gaan deur daardie dinge, maar dit sal nooit daar wees nie.

<sup>145</sup> Let op, die saad kom op, daardie Lewe kom op, gaan nie terug nie. Daar sal hierna geen opstanding meer wees nie. Die Lewe kom op, om na sy vervolmaking, 'n opstanding, te gaan.

Let op, die dop het voortgebring die—die. . . Let op, die dop plaas die oorspronklike Saad uit homself uit. In Openbaringe, die 3de hoofstuk, vind ons dit.

<sup>146</sup> Nou onthou, uit geen ander kerk is Hy uitgesit nie, in die Bybel, van die Sewe Kerkeue nie. Hoeveel onthou dit? Hy het deur die Kerkeue gegaan, om voort te gaan om iets anders te maak. Maar, dit is Dit. Daar is niks anders nie. Maar die—die Beeldhouer is weer terug by volmaaktheid, die Woord. Sien? Moenie teruggaan nie. Hoe anders is Dit. Ja. O!

<sup>147</sup> En let dan op, die dop, wanneer dit te voorskyn kom, lyk net soos die Korrel. Maar wanneer die Korrel—Lewe die dop begin verlaat om in te gaan om die Korrel (die Bruid) te maak, gaan die dop oop en ekskommuniseer die Korrel. Is dit reg? Die natuur, dis presies wat sy gedoen het.

<sup>148</sup> In—in Openbaring 3, vind ons uit die Laodicese Kerkeue het Hom uitgesit. Nou, sien, dit het nie, in die ander tydperke gebeur nie, want daar was iets anders wat nog gemaak moes word. Dit het net deurgegaan en aangegaan na 'n ander. Ek het vir julle gesê, die heertyd, daar is nie meer denominasies wat kom nie. Ons is by die einde. En hulle het Hom uitgesit want (hoekom?) Hy—Hy—Hy is weer die Woord. Hy is soos die Een wat daar neergeval het. Hy is dieselfde Leerstelling wat uitgegaan het van die begin af.

<sup>149</sup> En wanneer die Saad—Woord begin uitgroeï, sit die dop Dit uit homself. Die Lewe verlaat al die andere, om Dit te volg. Dis die ware gelowiges, hulle volg die Lewe waar die Lewe ook al gaan.

<sup>150</sup> Soos in Israel, 'n perfekte tipe, as ons die tyd gehad het; ek het net 'n paar minute oor. Maar in 'n perfekte tipe, in die begin, was daar Lewe oral waar daardie Vuurkolom gegaan het. God was daardie Lig. En ek gee nie om of dit middernag

was en of hulle in 'n goed—uitgesoekte plek was nie, wanneer daardie Vuurkolom beweeg het, het die basuin weerklink en het Israel Daarmee saam beweeg.

Halleluja! En toe die basuin weerklink het, het Martin Luther Daarmee saam uitbeweeg. En hy het georganiseer, doodgemaak. . . nie hyself nie, die manne na hom. En toe het God die Lewe daaruit geneem, Dit aangebring, dit in die graf neergelê.

<sup>151</sup> Toe kom Wesley uit. Hy het daardie groot organisasie gesien, dus het hy 'n basuin geblaas, van heiligmaking, meer van die Woord. Sien? Toe hy het, het hulle uitbeweeg, reg uit—reg uit Luther uit, reg in Metodis in.

<sup>152</sup> En toe Pinkster Dit gesien het, het hulle 'n—'n basuin geblaas, dis tyd vir die terugkeer van die gawes. Sien julle wat hulle gedoen het? Hulle het 'n basuin geblaas, en hulle het uitgekóm. Toe het hulle georganiseer.

Maar, onthou, na die dop, dis drie stadiums waarvan ons weet, is daar niks oor nie behalwe die Korrel. O God! En dan word die Korrel uit dit alles uitgesit. Amen en amen! Saad—Woorde begin Hulself vorm, Lewe word voortgebring uit. . . Nou let op, as die Bruidegom, die begin, die eerste, Bruidegom. . . Dit is die Bruid wat te voorskyn kom.

<sup>153</sup> Onthou, die Kerk begin by Pinkster, en Dit het by Nicaea geval. Dit het uitgespruit, nie soos die ware Korrel nie, nee; dit was 'n deel van die Lewe daarin, maar dit het uitgespruit ten einde 'n organisasie te vorm. En Hy het deur daardie organisasie getrek. En wat het Dit toe gedoen? Toe het Dit gegaan, uit daardie organisasie uit, Dit het in 'n ander organisasie ingegaan, het in 'n ander stadium van die Woord ingegaan; regverdigmaking, heiligmaking, doop van die Heilige Gees. Sien? En soos Dit deur hierdie stingel en proses gegaan het, het Dit steeds toegeneem.

<sup>154</sup> Onthou, die klein stuifmeel is meer, die pluim is meer soos die Saad as wat die stingel is. En die dop is meer soos die Saad as wat die pluim was. Maar die Saad Self is daar verby. Sien? Dit het dit net vir vervoer gebruik, om Homself deur te neem.

<sup>155</sup> Let op die Bruid. As die Bruid, in die begin, die Woord was, of die Bruidegom; en dan as die Bruid uit die Bruidegom geneem is, moet Dit ook die Woord wees. Let op, die Bruid moet wees.

<sup>156</sup> Hoekom, hoekom moet die Bruidegom die Woord gemanifesteer, duidelik gemaak, wees? Dis omdat die Bruid en die Bruidegom Een is. Sy is net 'n afgeslaande stukkie van Hom. Daar is die Meesterstuk. Dit is geslaan. Sê. . .

<sup>157</sup> Sint Michelangelo kon dit nie weer reproduseer nie. Hy kon dit nie terugsit nie.

Maar God gaan dit doen. Hy gaan hierdie klein Bruidjie, wat geslaan is, terug bring tot reg aan die sy van die oorspronklike Woord. En daar is Hy, daar is die Meesterstuk, die familie weer terug in die tuin van Eden.

<sup>158</sup> Hoe gaan hierdie Bruid dit doen? Hoe gaan hierdie Koring dit doen? Maleági 4 het gesê, in die laaste dae sal dit terug herstel word, (wat?) terug herstel soos die begin; bring dit terug! “Ek sal herstel,” sê die Here: “wat die rusper, en bladwurm, en al hierdie ander dinge al hierdie jare gevreet het. Ek sal weer herstel.” Maleági 4 het gesê: “Hy sal die harte van die mense, en die Geloof van die mense, weer na die oorspronklike vaders herstel.” Sien? Ons sien dit reg voor ons, Kerk. Waarby is ons?

<sup>159</sup> Nou, sluit oor ’n paar minute af. Ek wil hê julle moet baie mooi oplet na iets wat pas gebeur het.

Maleági 4 moet terugbring, terug na die oorspronklike.

<sup>160</sup> Sy is uit die kerk geslaan, uit die kerkliggaam; geslaan saam met Haar Meester, met dieselfde doel. Sy is die Woord. Net soos Josef van sy broers weggeslaan was, want hy was die Woord. En Jesus is van Sy broers weggeslaan, want Hy was die Woord. Die kerk is geslaan. . . Die Bruid is uit die kerk geslaan, want Sy is die Woord. Daar is jou stadiums weer; een, twee, drie, sien, net presies.

<sup>161</sup> Die Woord, lewend en in aksie, die Bybel—Bruid, nie een of ander mensgemaakte bruid nie; die Bybel—Bruid geslaan en verdruk deur God. “Geen skoonheid dat ons Haar sou begeer nie, maar tog het ons Haar geag deur God geslaan en verdruk.” Dis reg. Sy staan alleen. Sy is uit al die denominasies geslaan, volgens Openbaringe 3. Sy is geslaan uit die Laodicese Kerkeu waarin Sy opgewek is. Sien? Hierdie Kerk is opgewek in die Laodicese Kerkeu; dis die dop. Maar as daardie ander gegaan het. . .

<sup>162</sup> Kan julle Pinkstermense dit nie sien nie, as daardie ander dop was en gesterf het? As daardie ander (stingel) moes sterf, as die pluim moes sterf, so moet die dop sterf; die drie stadiums van organisasies.

<sup>163</sup> En onthou, julle het gesê: “Nou wel, daar het ’n klomp pluime aangehang. Daar’s ’n klomp *hiervan*.” Ja. Daar was Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Lutheraan, kerk van Christus, al hierdie ander klein dingetjies wat daarin geval het, blare en enigiets anders het daaraan gehang, maar die oorspronklike was nou die hervormings, sien.

<sup>164</sup> Staan alleen, soos die Bruidegom: “deur die mense verwerp, verag en deur die kerke verwerp.” Die Bruid staan so. Wat is dit? Dis Sy Meesterstuk, sien, dis die Woord waardeur Hy kan werk, kan manifesteer. Verwerp!

<sup>165</sup> So, die stingel, die pluim, en dop, word nooit Saad nie, nee, maar word die hele tyd meer soos die Saad.

<sup>166</sup> Nou teen die oestyd is die Saad terug by sy oorspronklike Lewe, terug by die Bybel. Maleági 4 het gesê dit sou daartoe gebring word. O, o, goeiste! Moet alles hê! Om so te wees, moet Dit die hele Woord hê. Is dit reg? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.]

<sup>167</sup> Nou wat het Hy gesê, in Openbaringe 10, wat sou plaasvind? Waarvoor was die reis na Tucson? Om vir die Kerk oop te maak. “In die dae van die boodskapper, van die sewende engel, die sewende engel Boodskap, sou die hele Woord van God gemanifesteer word. Die Seël, dit alles wat die stingel nagelaat het, van waarom en alles Daaroor, sou in hierdie tyd gemanifesteer word.”

Is dit wat die Woord gesê het? [Die Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Dan sien ons dit. Waarby is ons dan, sien, waarby is ons? Daar is net een ding, die oes is hier. Sy is baie ryp. Sy is nou gereed vir die Koms. Let op.

<sup>168</sup> Nee, dit sal nooit Dit wees nie. Teen die oestyd is die Saad terug in sy oorspronklike toestand, en moet die hele Woord hê ten einde die Saad te wees. Nou, jy kan nie ’n halwe Saad hê nie; dit sal nie groei nie. Sien? Dit moet die hele Saad wees. Dit moet nie manifesteer. . . Sê: “Ek glo in die doop van die Heilige Gees. Halleluja! Ek glo in die spreek in tale.” Dis net deel van die Saad, uh—huh, maar nou word daaraan toegevoeg. Halleluja! Sien? Die Lewe, nie die gawes nie; die Lewe van die gawes. Sien, sien julle wat ek bedoel? Ons is by die endtyd, broers.

<sup>169</sup> Stingel, pluim, dop is nou dood en droog. Daar is net een ding wat daarmee moet gebeur, dit moet vergader word in Wêreld Raad van Kerke vir hulle verbranding.

<sup>170</sup> Die Woord het vlees geword, presies soos Hy beloop het in Lukas 17, Maleági 4, en alles, sien, dis reg, Openbaringe.

<sup>171</sup> Alle ware Lewe wat in die stingel, pluim, en dop was, versamel nou in die Saad, gereed vir die opstanding, gereed vir die oes. Die Alfa het Oméga geword. Amen. Die eerste het laaste gekom, en die laaste is die eerste. Die Saad, wat ingegaan het, het deur ’n proses gegaan en weer die Saad geword.

Die saad, wat in die tuin van Eden geval het, en daar gesterf het, het teruggekom. Van daardie onvolmaakte saad wat daar gesterf het, teruggekeer na die volmaakte Saad, die Tweede Adam.

<sup>172</sup> Die eerste Eva wat geval het en wat gebruik is in die tweede hervorming. . . tweede koms, as een wat 'n kind voortbring, het nou weer die ware Bruid geword, die Saad weer reg terug by oorspronklike Woord.

Die Alfa en Oméga is dieselfde. Hy het gesê: “Ek is Alfa en Oméga,” Hy het nooit iets tussenin gesê nie. Uh—huh. “Ek is Alfa en Oméga, die Eerste en die Laaste.” Ja, meneer.

<sup>173</sup> Die eerste bediening en die laaste bediening is dieselfde. Die eerste Boodskap en die (tweede) laaste Boodskap is dieselfde ding. “Ek is, Ek was in Alfa; Ek is in Oméga.” “Daar sal 'n dag kom wat nie dag of nag genoem sal word nie, maar teen die aandtyd sal dit Lig wees.” Sien, Alfa en Oméga, dit het die eerste en die laaste geword. O, goeiste, broers, ons sou ure daarby kon stilstaan.

<sup>174</sup> Die groot meesterstuk van 'n familie, die Tweede Adam en die Tweede Eva, nou gereed vir die tuin, die Millennium, amen, terug op aarde. Halleluja! Die groot Beeldhouer het hulle nie daar laat lê nie. Hy was lank besig, soos Hy deur die miljoene jare was met die vorming van die eerste volmaakte paar; en hulle het geval. Nou was dit deur duisende jare, het Hy weer gevorm, en nou is hulle hier gereed.

<sup>175</sup> Die Meesterstuk het gekom en is neergeslaan; uit Sy sy het die hulpmaat te voorskyn gekom.

En Sy word met dieselfde proses groot gemaak. Hier is Sy nou weer terug; met die hele natuur, die Bybel, en alles anders, wat wys ons is hier.

Nasies verbrokkel, Israel word wakker,  
Die tekens wat die Bybel voorspel;  
Heiden dae getel, (kyk na hierdie klomp  
gemors wat ons het), met marteling wat  
voorlê,  
Keer terug, O verstrooides, na julle eie.

Dis reg. Julle moet liever gou daar inkom, as julle gaan.

Ek beoog om binne omtrent vyf, tien minute af te sluit.

<sup>176</sup> Let op die groot meesterstuk, van die familie. Die man en vrou kan nie waarlik 'n familie wees tensy hulle een is nie. Hulle moet wees. As hulle nie is nie, is hulle nie 'n goeie familie nie; vrou trek een kant toe, en die man anderkant toe. Dit sal 'n aaklige familie maak. Maar in ooreenstemming, met liefde die een vir die ander, is dit 'n familie. En nou was dit God se meesterstuk en beeld al die ware families dit hier uit. Sien?

En nou het die Meesterstuk—familie weer gekom, Christus en Sy Bruid, gereed om te kom. Die Tweede Adam, Tweede Eva, nou gereed om na hulle Tuiste terug te keer. En die hele prentjie was verlossing. Van waar dit was, dit terug gebring, sien, dit net presies weer teruggebring. Na . . .



<sup>177</sup> Die ander dag, hierbo gestaan by die Christen Besigheidsmanne. Baie van julle, reken ek, was daar. Toe ek daardie Lutherse priester, of prediker, of veronderstel om te wees, daar hoor opstaan het en daardie belaglike ding sê, en dit waarin ons glo, bespot. En daardie Volle Evangelie Besigheidsmanne wat daardie man daar gehad het, en dit gesê het. Hy het sy kraag omgedraai gedra. Baie van hulle doen dit nou. En hy het gesê: “Nou, mense vra my hoekom ek my kraag omdraai, het gesê: ‘hoe kan hulle jou onderskei van ’n Katolieke priester.’” Gesê: “Daar is geen verskil nie, en daar behoort nie te wees nie.” Hy het gesê: “Ons is almal God se kinders.” Hy het gesê: “Ek weet van ’n Katolieke priester wat alomteenwoordig is, sien, wat oral teenwoordig kan wees.”

<sup>178</sup> Nou jy kan nie alomteenwoordig wees sonder om alwetend te wees nie. God is nie eens alomteenwoordig nie; God is alwetend. Alwetend, wat Hom alomteenwoordig maak, Hy weet alle dinge. Maar, om ’n Wese te kan wees, moet Hy in Een Wese wees. Deur alwetend—alwetend te wees, kan Hy alomteenwoordig wees. Want, Hy weet alle ding, en het dit geweet voor die. . . Hy het geweet, voordat die wêreld begin het, hoeveel vlooië, luise, hoeveel goggas, en hoeveel keer hulle hulle oë knip, en alles daaromtrent, sien, want Hy’s alomteenwoordig. Jy kan nie alwetend—alwetend wees sonder om oneindig te wees nie. En daar’s net een ding oneindig; God. Amen! En dan ons. . .

<sup>179</sup> Wat is dit? Dis die duiwel, wat hulle net reguit na daardie slagting neem. Elkeen van hulle wat ingaan, presies wat die Bybel gesê het. En daar is dit, sien, reguit ingekom tussen die Pinkstermense, en trek hulle net reguit soos. . . Wat ’n tyd!

<sup>180</sup> O, na daardie getuienis, het iemand vir my gesê. . . Ek—ek. . . Dit was ’n goeie ding dat ek nie baie gesê het nie, want hulle sal my waarskynlik in die tronk gehad het daarbo. Maar ek het net gedink: “Daar is dit.”

Die—die mense wat geleer is, weet. “Die wyses sal hulle God ken, in daardie dag,” het dit gesê in Daniël. Ja, meneer. Sien: “Die wyses sal hulle God ken.” Hulle kyk uit vir hierdie dinge.

<sup>181</sup> Maar toe ek dit sien gebeur het, en daardie Pinkstermense wat daar saam met hom staan! Sels Oral Roberts het na my gekyk soos *daardie*. Ek het gesê: “O, goeiste!” Uh! Maar, sta my daarbo met ’n geleerdheid, gepoleerd, julle weet, ensovoorts.

<sup>182</sup> Dis nie die manier wat God Syne poleer nie. Hy poleer nie Syne met geleerdheid nie. Hy poleer in nederigheid, in—in krag van Sy gemanifesteerde Woord, wat die vorm van die Korrel wys waarvandaan Dit gekom het.

<sup>183</sup> Nou, iemand het vir my gesê, gesê: “Broer Branham,” gesê: “daar’s een ding wat ek nie van jou kan verstaan nie.”

Ek het gesê: “Wat is dit?”

<sup>184</sup> Daarbuite gestaan in ’n saal. . . ek dink, Suster Dauch en hulle, nadat ek hande geskud het met Bill, en daar gestaan; en almal het om die hoek gegaan, en die hele klomp mense. ’n Prediker het sy pad inforseer, kraag omgedraai, hy het gesê: “Hoekom is dit dat jy altyd die mense uitskel?” Hy het gesê: “Daardie mense glo dat jy ’n dienaar van God is, en wees sag en teer met hulle, en alles.” Gesê: “Elke keer wat ek jou hoor opgaan, skel jy vroue uit, oor kort hare hê, en oor kortbroek dra, en grimering dra, en al hierdie ander goed; en skel die mense uit, en vertel hulle hoe koud en formeel en ongevoelig hulle is.” Gesê: “Hoekom doen jy dit?” Gesê: “Daardie mense het jou lief. Hoe kan jy ’n liefhebbende seun van God wees, en so ’n ding soos daardie doen?”

Ek het gedink: “Here, laat my hierdie slim man antwoord. Sien? Laat U my hom net antwoord, iewers, wat hom aan sy eie tou sal laat hang.” Ja.

Ek het gesê: “Wel,” ek het gesê: “meneer, het u ooit gelees van die groot musiekproduseerder genaamd. . . die groot komponis genaamd Beethoven?”

Hy het gesê: “O, sekerlik, ek het gelees van Beethoven.”

<sup>185</sup> Ek het gesê: “Hy het waarskynlik mandjiesvol afvalpapier opgeskeur, maar hy het die wêreld meesterstukke gegee.” Hy het nooit sy mond oopgemaak en nog ’n woord gesê nie. Ek het gesê: “Wanneer hy in sy studeerkamer gesit het onder die inspirasie, sou hy iets neerskryf. Hy sou in sy studeerkamer ingaan en bid. Dit nie reg was nie, sou hy dit opfrommel en dit in die snippermandjie gooi. Maar wanneer hy klaar was, in alle inspirasie, het die wêreld ’n meesterstuk gehad.”

O, hoe die Woord sny, maar Dit produseer meesterstukke; uh—huh, neem al die doppe en stingel weg. Dit bring die Meesterstuk voort.

<sup>186</sup> Ek het sewe minute om julle iets te vertel wat eergister gebeur het, om betyds uit te kom. Derde Julie, was ek hier oorkant, gesit in die. . . hierdie sentrum hier oorkant, winkelsentrum reg oorkant van ons hier. Ek was in Pigalle, in Rome, in Frankryk, en ek was in New York Stad, Los Angeles. Maar die vuilste klomp vroue wat ek ooit in my lewe gesien het is Jeffersonville, Indiana. Ek het nooit soveel smet en vullis in my lewe gesien soos ek onder daardie mense gesien het nie. Ek het daar gesit tot my hart seer was, en die Here het my ’n visioen gegee.

Nou gaan ek die visioen vertel. Ek weet nie dat ek dit kan interpreteer nie, maar ek—ek gaan die visioen vertel vir my eerste maal.

<sup>187</sup> Ek het in 'n beswyming verval. En, toe ek het, was daar iemand saam met my. Ek het nie die persoon gesien nie. Dit was net 'n Stem. En ek—ek het gekyk. En soos ek—ek na hierdie kant gekyk het, het Hy gesê: “Die Bruid sal in sig kom vir voorskou.”

En ek het gekyk, na my toe aan die aankom, en ek het die—die mooiste klomp rein—geklede vroue gesien wat ek ooit in my lewe gesien het. Maar elkeen van hulle, het gelyk asof, was verskillend geklee. Hulle het almal lang hare gehad. En hulle het langer moue en rompe gehad, ensovoorts. Jong vroue, hulle het soort van gelyk, ek sou sê, miskien omtrent twintig.

<sup>188</sup> Nou ek het die Bybel oop hier voor my. Sien? Ek kan net sê wat ek gesien het.

As julle sê: “Waarna kyk jy?” Ek kyk na 'n horlosie. “Waarvoor kyk jy?” Ek kyk vir mense, kyk na mense. “Waarna kyk jy?” Ek kyk na die Bybel. Dis wat. Ek vertel die Waarheid. Dis wat ek sien. En ek kan net sê wat ek gesien het. Ek—ek weet nie wat dit. . . alles daarvan nie. Ek moet julle net vertel.

<sup>189</sup> Maar, toe hierdie Bruid, Sy het gekyk reg na. . . Die een wat met my gepraat het, en ek, wat bymekaar staan, haar oë, Sy was die reinste, sagste mense wat ek ooit in my lewe gesien het. Lyk asof dit 'n dosyn kon gewees het, of meer, net. . . ek weet nie hoeveel wat langs mekaar was nie, maar daar's net in 'n groep van hulle. En Sy het verbygekom, sag, met 'n atmosfeer. En Haar oë boontoe, wat dophou, soos Sy verbygekom het. O, Sy was pragtig! Ek het Haar gekyk, en soos Sy verbygekom het. Hy het gesê: “Nou sal ons hersien. . .” Gesê: “Dis die Bruid.

“Nou sal ons die kerke hersien.” En hulle kom. Ek het hulle opgemerk soos hulle opkom. En toe hulle opkom, elkeen, lyk soos, erger geword. Ek het nooit so 'n vuil klomp in my lewe gesien nie.

En toe Hy gesê het: “Volgende,” het ek 'n geluid gehoor. En Dit het gesê: “Volgende,” gesê: “hier kom die Amerikaanse groep.”

<sup>190</sup> Nou, ek is 'n Amerikaner, maar hierdie—hierdie het my siek gemaak. Ek is nie welsprekend genoeg om, in 'n gemengde gehoor, om te sê wat gebeur het nie. Ek—ek—ek. . . En julle sal tussen die lyne moet lees. Maar toe die vroue gekom het, hulle leier was 'n heks. Sy het 'n groot lang neus en 'n yslike groot mond gehad. En hulle almal was aangetrek met 'n sekere soort van onderste klere hier onder; maar die bokant het net 'n bandjie gehad, wat, net 'n klein, omtrent 'n halfdium bandjie wat opbeweeg het en om hulle gegaan het soos *hierdie*. En elke vroue het iets gehad soos. . .

<sup>191</sup> Baie van julle, jare gelede, sou onthou toe ons daardie papier gesny het, julle weet, koerantpapier, en 'n ou vliegbos van gemaak het? Hoeveel onthou dit? Julle weet. Tog, ek dink hulle het dit in karnavalle gebruik, julle weet. Afgehang soos daardie, fraingpapier, kantpapier.

Hulle het iets onder hulle gehou, soos *hierdie*, onder hulle gehou. *Hierdie* hele deel was blootgestel.

En elkeen het baie kortgeknippte hare gehad, en kroeserige dinge regoor dit soos daardie, regtig kórtgeknippte hare; en vol grimering. Absoluut niks behalwe gelyk soos straatprostitute.

En hulle het geloop met hierdie papier, en, die vulgêriteit! Nou, die papier was wat voor hulle gehou was. Maar toe hulle by die hersieningspunt verbykom, aan hulle agterkant... en die manier te sien waarop hulle aangegaan het, in hulle voorste en hulle agterkant, en hoe hulle opgetree het!

Ek het gesê: “Is daardie die Kerk?”

<sup>192</sup> En daar het sy gegaan. En hulle het hierdie ruk en rol liedjies hier gesing, julle weet, of wat ook al jy noem, aan die afgaan, dit gesing en verbygegaan.

Ek het gesê: “Is daardie die Kerk?” En ek het daar gestaan, en in my hart het ek gehuil.

En, hierdie heks, volgens my wete, is dit niks anders in die wêreld behalwe sy's 'n... Sy is daardie Wêreldraad van Kerke, wat hulle net reguit met die pad af lei waarnatoy sy gegaan het. Hulle het afgegaan na die linkerkant, en verdwyn in chaos; steeds hierdie musiek geslaan en baie snaakse geluide gemaak, en hulle liggame geskud, een kant en dan die ander kant. En toe, soos daardie, aangegaan soos daardie, geloop.

<sup>193</sup> En ek het net my hoof begin buig, en Hy het gesê: “Wag, die Bruid moet weer kom.”

En ek het gekyk, en hier het hulle weer gekom. En hulle het verbygekom, 'n sagte klein dametjies. Hulle het almal reguit na my gekyk, soos hulle verbygegaan het. En ek het opgelet elkeen was verskillend aangetrek. En een aan die agterkant het soort van lang hare gehad wat afhang, en dit was omgerol soos *hierdie*; mag Duits gewees het of iets soos daardie. En ek het hulle dopgehou.

En toe soos hulle begin weggaan, twee of drie van hulle, aan die agterkant, het soort van uit pas geraak, en ek sou skree vir hulle. En hulle het weer probeer in pas kom. En ek het hulle gesien, net die gesig het net uitgedoof en verander, van my.

<sup>194</sup> Nou hier is die interpretasie daarvan. Die rede... Nou, onthou, ek het pas klaar geskryf... ek was nie klaar nie, ek het

nog nie hierdie notas geskryf nie. Maar toe ek gepreek het, vanmôre, het ek gesnap wat dit was, reg in my preek. Het julle opgelet, die kerk het slegs in sig gekom . . .

Nou, dis die Waarheid, vriende. Die Hemelse Vader, Wie die Woord skryf, weet dat ek die Waarheid vertel. Sien? Ek weet ek vertel net die Waarheid.

En dit nie geweet tot net 'n paar minute gelede nie, gelyk soos, of net onlangs, sien. Het julle opgelet? Die Bruid het twee keer in sig gekom; die eerste Saad en die tweede Saad, altwee van hulle presies dieselfde Een. En die rede waarom hulle . . .? . . . geklee in verskillende dele, Sy sal uit alle nasies kom, dit sal die Bruid opmaak. Elkeen het lang hare gehad, en geen grimering nie, en baie mooi meisies. En hulle het my dopgehou. Dit het die Bruid verteenwoordig wat uit alle nasies kom. Sien? Sy, elkeen het 'n nasie verteenwoordig, soos hulle perfek in lyn met die Woord marsjeer het. Sien?

<sup>195</sup> En, toe, ek moet Haar dophou. Sy sal uit pas raak met daardie Woord as ek nie dophou nie, wanneer Sy verbykom, as Sy verbykom. Miskien sal dit my tyd wees, wanneer ek verby is, sien, wanneer ek klaar is, of wat ook al dit is.

<sup>196</sup> Wat? Hulle het teruggegaan. Hulle bes probeer, en het teruggegaan, net in lyn gekom; want, hulle—hulle het êrens anders uitgekyk, daardie kerk dopgehou wat pas in chaos uitgegaan het. Maar twee . . . Die voorstes, nooit. Die agterstes, net twee of drie van hulle, was soort van 'n klein bietjie na die regterkant uit pas, en het gelyk asof geprobeer het om in lyn te kom soos hulle verbygegaan het. Hulle was net verby my, o, ver soos hier na die muur, verby my. En ek het daar gestaan. En toe het ek dit alles net sien uitbeweeg en weggaan.

Maar, julle let op, die kerk het net eenkeer in sig gekom, elke nasie, die kerk. Maar die Bruid het twee keer ingekom. Sien, sien wat dit was? Nou, dit nie geweet nie, maar daarna gekyk met my Boodskap vanmôre. Dit nie geweet nie. Sien? [Broer Branham klop verskeie maal op die preekstoel—Red.]

<sup>197</sup> Die Saad het in die grond geval by Nicaea. Dit was die oorspronklike Saad. En Sy het deur die proses van hierdie denominasies gekom, wat net eenmaal ontstaan. Maar die Bruid kom weer terug in die laaste dae. "Ek sal herstel." Sien, die Meesterstuk word opgerig. Dis die rede waarom Sy in sig was, hersien, die tweede keer. Sy was hersien die eerste keer, toe was Sy die tweede keer hersien. En Sy was perfek, die tweede keer, soos sy die eerste keer was. O God, wees genadig! Maak gou, maak gou, maak gou, Lewe, kom in die Korrel in, baie vinnig! Uh—huh.

198 Al die ander het nooit weer verskyn nie. Hulle het uitgegaan, om nooit weer terug te kom nie.

Maar die Bruid het teruggekom, want Sy was Alfa en Oméga. God, die groot Beeldhouer, het vir Hom 'n Meesterstuk gemaak, want Dit is 'n deel van Sy eerste Meesterstuk. Soos Hy in die tuin van Eden gemaak het, en 'n deel van geneem het, en 'n ander deel gemaak het, en dit was geskend en het geval, nou het Hy dit hierdie hele tyd weer opgebou. En Hy het hierdie Meesterstuk voortgebring, en was geslaan, om. . . Daardie deel wat geslaan was, was om weer daardie Meesterstuk weer terug te bring.

199 So, die Meesterstuk en die Seun van God, die Meesterstuk en die Bruid, en Dis 'n deel van Hom, wat die vervulling van die Woord moet wees. Die Woord is vervul, en ons is gereed vir die Koms van die Here.

200 O Kerk van die lewende God, buig julle harte en jul—julself voor God. Hierdie dinge is waar. Ek weet dat dit so klink, soos so 'n groot ding soos daardie sou wees, so uitgesprei sou wees oor die nasies. Dit was nooit. Hy verander nie Sy manier nie. Wees net dankbaar, Kerk, wees dankbaar dat julle is, waar julle vandag is, as julle in Christus is. Omdat, julle sien, nou, en wanneer daardie. . .

201 Onthou, al daardie Lewe sal reguit in die Korrel in vergader word, vir die opstanding, maar die stingel moet verbrand word. Die res daarvan; die dop en alles, moet vernietig word, en dit sal word. Moenie vertrou in julle, daardie denominasies nie. Bly julle in die Woord, die Lewe, God en Sy Meesterstuk.

202 Dan wat is dit in die Millennium? Christus en Sy Bruid, terug in die tuin van die Millennium. Amen!

Ek het Hom lief, ek het Hom lief  
Omdat Hy my eerste liefgehad het  
En my verlossing gekoop het  
Op Golgota se boom.

203 Dis waar Hy geslaan was. “Ons het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregthede is Hy verbrysel.”

204 Is daar enige hier, vanmôre, wie nie in daardie Korrel vanmôre is nie? En soos die Lewe nou sy laaste deel uit die dop trek, want die dop word droog. Hoeveel weet dat Pinksterkerk droog word? [Gemeente: “Amen.”—Red.] Wat is dit? Lewe verlaat dit. Eerlik waar, dis weg. En as daardie Bruid alreeds in voorskou is, wonder ek of die Bruid dan nie alreeds opgemaak is nie. [Broer Branham begin neurie, *Ek het Hom lief.*]

. . . Hom lief, ek het Hom lief  
 Omdat Hy my eerste liefgehad het  
 En my verlossing gekoop het  
 Op Golgota se boom.

205 Met ons hoofde nou gebuig. Is daar sommige hier wat onthou wil word? As julle voel dat julle nie. . .

Vriende, dis so duidelik. Ek het nooit 'n visioen in my lewe gehad, behalwe dat iets gebeur het, gevolg het nie. Ek vertel die Waarheid. Al hierdie ander kere, as ek die Waarheid vertel het, het God dit bewys. Dan, ek vertel hierdie keer die Waarheid.

206 Ek weet nie in watter dag ons lewe nie, maar ek weet daar's niks oor nie. Daar kan nie 'n politikus opstaan wat hierdie ding kon uitstryk nie. Politiek, die nasie is gedaan. O God! Kan julle, kan julle diep genoeg afgaan om—om—om dit te voel. Die nasie is gedaan; nie nasie nie, maar nasies. Hierdie is die beste van die klomp, en dis gedaan. Dan, as die nasies gedaan is, is die wêreld gedaan. En die kerke, volgens my opinie, Pinkster was die beste wat hulle gehad het, maar dis gedaan.

O God, wees ons genadig!

207 As jy Hom nie ken nie, maak asseblief gou, maak gou. As jy Lewe voel, kom uit die. . . kom uit jou sonde uit, kom uit die ding waarin jy is. Kom na die Korrel, sommer gou. Jy sal sterf in die stingel, of in die dop.

Bid, terwyl ons nou sing. "Ek het Hom lief."

Dit hang nou van jou af. Ons het geen denominasie nie, glad niks nie. Ons het net Christus. Jy is welkom om te aanbid saam met Hom, saam met ons, totdat Hy kom. Ons kan nie jou naam op boek sit nie; ons het geen boeke nie. Ons wil jou naam in die Boek van die Lewe hê. Jy kan dit slegs deur Geboorte doen. Sal jy nie nou dadelik dit doen nie? Vra Christus vir nuwe Lewe, jou in te bring, jou naam op Sy Boek te sit, as dit nie is nie. Dan, jy kan gemeenskap hou saam met ons, ons sal jou graag wil hê. "Ek. . ."

208 Dierbare God, help elke persoon nou om inventaris te hou, sien of ons in Hom is. U het ons liefgehad. U is geslaan vir ons, en ons het U gehou vir Een geslaan en verdruk deur God. Ek bid, God, dat U elkeen sal roep. Here, praat met my kinders, my geliefdes, my vriende. Skenk dit, Here, net nou, deur Jesus Christus se Naam.

209 Moenie laat enigiemand te lank wag nie, Here. Lyk baie naby. Die oes is waarlik ryp. Die groot stroper van God sal deur die land trek een van hierdie dae, strooi sal oral vlieg;

maar die Koring sal na die skuur vergader word, opgeneem, want Daarin is Lewe. Skenk, Here, dat elke versoek beantwoord sal word, elke gebed gemanifesteer sal word voor U.

<sup>210</sup> Ek bid vir hulle, Here. Ek bid dat U nie enige wat hier is, sal laat verlore gaan nie, Here. Hulle—hulle—hulle het onder moeilike gesit; hulle—hulle—hulle ry vir honderde myle. En wat ook al ons aan behoefte het, gee dit vir ons, Here, wat ook al goed is vir ons, Here; nie wat goed is in ons oë nie, maar wat goed is in U oë. Ons wil staan as 'n rein maagd wat gereinig is, terengewys deur God, dat ons gereinig kan word van ons sondes. En ek offer my gebed vir hulle, Here.

<sup>211</sup> Ek—ek—ek weet nie hoe om te bid nie. Ons—ons praat met die Magtige God. En watter mens is daar, watter sterfling kon die regte soort gebed voor die lewende God maak? Maar, Here, my wanuitgesproke woorde, en my—en my naamwoorde en my voornaamwoorde in—in die verkeerde plek; as U die ABC's vir 'n klein seuntjie eendag kon uitkies, en—en 'n sin maak, kan U—U my naamwoorde en voornaamwoorde uitlaat en net kyk na wat ek glo, Here.

Ek glo U. Ek glo hierdie Woord. En ek glo vir elkeen hier. En ek—ek bring hulle na daardie Altaar, Here, deur geloof, waar tussen ons en die Groot Jehova die Bloed van Sy Seun, Jesus is. En die Bloed sal vir ons spreek. Toe U Hom op Golgota geslaan het, het U gesê: “Praat!” “Hoor Hom!” “En die Bloed,” die Bybel het gesê: “spreek groter dinge as die bloed van die lam in die Ou Testament, want die Bloed van Christus spreek groter as die bloed van Abel; groter dinge.” En spreek, Here, verlossing vir ons, soos ons roep deur die Bloed.

<sup>212</sup> Groot Vader van Lewe, sluit ons in, Here. As ons—as ons gesondig het, neem dit weg van ons. Ons, ons wil nie so wees nie, Here. Dis nie ons bedoeling nie.

En ons besef dat ons in so 'n verskriklike, donker weg lewe. Soos ons aan die begin gesê het, ons loop teen 'n berg op, deur ruwe plekke. Dof is die pad, maar ons dra die Lig. Mag ons sien, tree vir tree, soos ons nou gaan; totdat ons ontmoet, soos *Pelgrim se Vooruitgang*, totdat ons uiteindelik die bopunt van die Heuwel bereik. Lei ons, O Herder. Groot Jehova, lei ons deur U Gees.

<sup>213</sup> En ons weet dat ons ver van 'n meesterstuk is; maar ons kyk waaruit ons gekap is, die ware Meesterstuk, en in Hom vertrou ons. Neem ons net na Hom, Here. Skenk dit, Here.

<sup>214</sup> Genees al die siek mense hier, Here. “Ons het Hom gehou as geslaan en verdruk. Maar Hy was deurboor vir ons



oortredinge.” God se Meesterstuk was geslaan. “En Hy was deurboor vir ons oortredinge; en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.” Genees die siekes, Here, in U Goddelike Teenwoordigheid nou, terwyl ons weet U is hier.

<sup>215</sup> Reinig ons siele, ons harte, van alle boosheid, alle slegte gedagtes, alle bose kommunikasies, alle dinge wat verkeerd is. Reinig ons. En ons bid, Vader, dat U ons siekte sal genees, en ons hier sal laat weggaan met die gevoel dat ons U geheiligde kinders is. En met die Bloed oor ons, ons spreek deur die Bloed, die Woord. Skenk dit, Here. Ons vra dit in Jesus Christus se Naam. Amen.

<sup>216</sup> Vader God, op hierdie sakdoeke, salf hulle met U Teenwoordigheid, Here. Mag U Teenwoordigheid met hulle wees waar hulle ook al gaan. Waarop hulle ook al gelê word, op enige siek liggaam, mag hulle genees word. En wat ook al, as daar ’n gebroke huis is iewers, herstel dit, Here, die groot Beeldhouer. Skenk dit, Here.

<sup>217</sup> Vorm ons, en maak ons seuns en dogters van God. Ons glo die Bruid kry die laaste polering. Dit sal geslaan word uit die volledige organisasie, geheel en al, en dan sal die groot oes hier wees. Tot dan, Here, maak hulle gesond en gelukkig, om U te dien. In Jesus se Naam. Amen.

Ek het Hom lief, ek . . . (Het julle Hom regtig lief?)  
Omdat Hy my eerste liefgehad het  
En my verlossing gekoop het  
Op . . .

<sup>218</sup> Verstaan julle nou hoekom ek julle skel? Dit is nie omdat ek julle liefhet . . . nie omdat ek julle nie liefhet nie. Ek het julle wel lief. Ek wil ’n Meesterstuk vir die Meester hê. Ek mag ’n paar moet uitskeur soos hierdie, maar ek sal ’n Meesterstuk hê, een van hierdie dae, as ek dit reguit op hierdie Woord hou. Reg.

<sup>219</sup> Nou Jesus het gesê: “Hieraan sal alle mense weet dat julle My dissipels is, wanneer julle liefde het vir mekaar.” Ons behoort mekaar so lief te hê!

Geseënd is die band wat bind  
Ons harte in Christenliefde;  
Die gemeenskap van eensgesindheid  
Is soos dié van Bo.

Laat ons mekaar se hande neem.

Wanneer ons uitmekaar gaan,  
Gee dit ons innerlike pyn;  
Maar ons sal steeds hartsgebonde wees,  
En hoop om weer te ontmoet.

Neem die Naam van Jesus met jou,  
 Kind van droefheid en van wee;  
 Dit bring troos en vreugde vir jou,  
 Neem dit oral met jou mee.

Dierb're Naam, O hoe soet!  
 Aardse hoop en Hemelvreug;  
 Dierb're Naam, O hoe soet!  
 Aardse hoop en Hemelvreug.

Nou onthou, in julle reis:

Neem die Naam van Jesus met jou,  
 As 'n skild teen elke sorg;  
 Wanneer versoeking om jou ver—... (Wat  
 doen jy dan?) . . . —gader,  
 Prewel net daardie Heil'ge Naam in gebed.

O Dierb're Naam, O hoe soet!  
 Aardse hoop en Hemelvreug;  
 Dieb're Naam, O hoe soet!  
 Aardse hoop en Hemelvreug.

Tot ons ontmoet!

Laat ons hoofde buig. O, ek hou van sing!

Tot ons weer ontmoet aan Jesus' voet;

Tot ons weer ontmoet! tot ons weer ontmoet!

God sy met jou!



*DIE MEESTERSTUK* AFR64-0705  
 (The Masterpiece)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik in Engels gelewer op Sondagoggend, 5 Julie, 1964, by die Branham Tabernakel, in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., was oorspronklik van die magnetiese bandopname afgeneem en onverkort deur Voice of God Recordings gedruk. Hierdie Afrikaanse vertaling was gedruk in 2002 deur:

©2002 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS  
 P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS  
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.  
[www.branham.org](http://www.branham.org)